



Kokanje

KOLLIG



March 2022 Year 37 Number 1



Sekerheidsreël 55:

JY HOEF NIE 'N FINANSIËLE KENNER TE WEES NIE. JY MOET NET EEN AS VENNOOT HÊ.

Finansiële beplanning is die sleutel tot 'n lewe met sekerheid – dit is 'n bloudruk vir die bereiking van jou doelwitte en verseker dat jy finansiëel voorbereid is op die geleenthede en uitdagings wat voorlê.

As finansiële adviseurs wat bedrewe is in die gee van leiding aan ons kliënte wanneer hulle besluite moet neem, het ons die kundigheid om 'n nommerpas finansiële plan te ontwikkel wat nie net jou lewe kan verander deur dit wat vir jou belangrik is nie, te beskerm nie, maar ook kan verander namate jou lewe verander.

Skakel ons by **Juksta BlouSter** sodat ons kan gesels oor hoe Sanlam se wye reeks finansiële oplossings jou kan help om met sekerheid te lewe.



Jan Hendrik Jacobs

Prinsipaal
071 895 1502



Salomé Wessels

083 371 5949



Ben Scott

Direkteur
082 867 2786



Frik Cloete

Korttermynversekering
082 951 6278



Antionette Cloete

Korttermynversekering
082 563 8148



Melanie Webb

Korttermynversekering
072 559 5184



Finansiële Beplanning | Beleggings | Versekering | Aftrede | Welvaart

Sanlam is 'n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste.

ONTMOET VIR ANDRIES VISAGIE, NUWE KANTOORHOOF

As jongste van drie seuns is ek, volgens die gebruik, vernoem na my vader: Andries Cornelius Visagie.

Dit is vir my 'n voorreg om te sê dat ek 'n Suidwester is. Ek is in Keetmanshoop gebore op 09 Julie 1986. Groter was die voorreg om groot te word op 'n Karakoelplaas so 40 km buite Bethanie in die Suide van Namibië. Ek koester hierdie vroeë vormingsjare en hunker in gedagte na die mooi woestynland van my jeug. Ek en my broers gaan kosskool toe by Elnatan op Stampriet voordat ons in 1994 Suid-Afrika toe verhuis en ons vestig net buite Christiana in die Vrystaat.

My skoolloopbaan word voortgesit in Hertzogville en ek voltooi my hoërskooljare in Bloemfontein. Hierna verhuis ek Kaap-toe om "*Gasvryheidsbestuur*" by 'n privaatinstituut te studeer en ek verwerf 'n gevorderde diploma in dié rigting. As hoogtepunt het ek ook die voorreg om te werk by [Clouds Estate](#), een van die Kaap se top 10 "*wedding venues*". Hier doen ek kosbare ondervinding op die terrein van besigheidsbestuur op voor ek na Pretoria verhuis om vir *Eskom* op sy nuwe [Medupi-projek](#) te werk. Gedurende hierdie tyd gebruik ek my tyd as alleenloper goed en verwerf 'n graad in Besigheidsadministrasie. Ek is dankbaar vir my tyd op *Medupi* aangesien dit hier is waar ek my pragtige vrou ontmoet het.

Ronel is in die lente van 1988 in die Kaap gebore. Sy word groot aan die Weskus van Suid-Afrika en verhuis terug Kaap toe nadat sy haar skoolloopbaan voltooi het. Die korporatiewe wêreld lei haar na *Medupi* op Ellisras waar ons ontmoet en ons lewesaam begin. Ons is geseënd met twee dogters, Juanel en Mieke, en een seun, Andries. Hierdie drie gee die lewe 'n nuwe doel en met die lewensvooruitsig wat verander, soek ons as familie meer standvastigheid.



Dit lei ons tot in die middel van die Waterberg met 'n wonderlike geleentheid by [Residentia Waterberg](#)

waar my loopbaan in bejaarsorg begin.

Ronel werk toe gedrewe en suksesvol vir die [Van Heerden Apteek](#)-groep.

Vir die volgende vier jaar is Nylstroom ons tuiste en groei die Bosveld in ons harte. Juis daarom was dit met 'n swaar hart dat ons die Bosveld laat in 2020 verlaat om Winkelspruit toe te verhuis weens 'n bevorderingsgeleentheid wat die [Residentia Stigting](#) my gebied het. Die ervaring in

Natal was waardevol en die kinders put die grootste genot uit die see. Dit is egter met dankbare harte dat ons as familie die geleentheid aangryp om terug te keer na Nylstroom.

Ons is opgewonde om ons lewenspad met Kokanje te deel en baie dankbaar om terug te wees tussen



die hartlike Bosvelders. Die platteland in Nylstroom bied vir ons 'n omgewing waar ons gemaklik voel om ons kinders groot te maak. Ons beleef dit as 'n voorreg om hierdie nuwe hoofstuk in ons lewens juis hier te begin skryf.

...’N GEBED BY DIE JAARWENDING –

Dit is die begin van dié jaar 2022, ’n jaar wat sukkel om aan die gang te kom, ’n jaar waarvan ons nog nie weet wat dit vir ons inhou nie, ’n jaar wat nog in die greep van die vorige jaar se ellendes verkeer, ’n jaar wat huiwer op die rand van vernuwing en hoop.

En dan ..., dán hoor ons dit. Oor die radio klink die aangrypende woorde van ’n Joodse gebed, **Avinu Malkeinu (Ons Vader, ons Koning)**. Ons word stil, want die woorde, die melodie en die stem van die kunstenaar vul ons wese en neem van ons besit. Dit verwoord waarna ons smag, maar onbeholpe is om self uit te spreek, en bring die onmiskenbare wete dat dít is waarna ons soek. Dit is die fluweelstem van Barbra Streisand wat die gebed, innig en meesleurend sing. Dit is die eenvoudige oosterse melodie, in mineurtoon, wat die hunkering in ons versterk en ons meevoer. Maar dit is die woorde, die eenvoudige woorde wat ons gryp, want dit verwoord ons diepste gevoelens, ons verwagtings wat ons so graag in hierdie jaar wil sien en wil ervaar. Die Hebreeuse woorde, vry vertaal, klink so:

Ons Vader, ons Koning, luister na ons stemme,

Ons Vader, ons Koning, ons het teenoor U gesondig,

Ons Vader, ons Koning, ontferm U oor ons en ons kinders en kleinkinders

Ons Vader, ons Koning, beëindig pes, oorlog en honger vir ons

Ons Vader, ons Koning, bring ’n einde aan elkeen van ons verdrukke en teenstanders

Ons Vader, ons Koning, skryf ons in die boek van die lewe ten goede.

Ons Vader, ons Koning, maak dit ’n goeie nuwe jaar vir ons.

Ons Vader, ons Koning, luister na ons stemme.

In die 8 reëls van die oktaaf, word alles wat ons vir die nuwe jaar kan wens, saamgevat. Die aanspreekvorm: “*Ons Vader en ons Koning*” dui sowel op sy welwillende toeganklikheid as op sy goedgunstige vermoë om te help. Die versoek, dat Hy ons stemme sal hoor, in reëls 1 en 8, omsluit die gebed en bind dit saam tot ’n geheel.

Henk
Potgieter



Terwyl reël 2 bely dat ons teenoor Hom oortree het, word daar niteenstaande in die volgende reël gepleit vir sy ontferming oor ons en ons kinders en kleinkinders. En dan kom die dinge wat ons in die nuwe jaar bedreig aan die bod - *pes, honger en oorlog*. Dié drie dinge wat genoem word, is al drie dinge wat ons bestaan en welwese in die nuwe jaar bedreig. Eerstens die lewensbedreigende pes, die Covid-pandemie, met sy aansteeklikheid wat orals en onverwags sy tentakels inslaan, wat mense siek en dood maak, wat ’n pretbederwer is en wat planne omverwerp. Tesame daarmee, die rekord werkloosheid as gevolg van die pandemie en die honger wat dit by duisende mense teweegbring. Laastens, oorlog in ons buurland en ook gerugte van oorloë waarmee die groot moondhede van die wêreld, Sjina, Rusland en die VSA, flankeer.

Wie of wat sal ons teenstanders en verdrukke in die vyfde reël anders wees as die magsbeheptes, die magsvergrypers en die korruptes wat ons land al so lank teister, maar wat nog nie aan bande gelê is nie en voor stok gekry is nie. Ja, mag U hulle oorheersing in die komende jaar tot ’n einde bring en mag hulle aan die pen ry. En dan, Ons Vader, ons Koning, waar die jaar en die lewe onseker is, wil U asseblief ons name met goeie gevolge in die boek van die Lewe skryf. En wil U dit asseblief ’n goeie jaar vir ons maak, ’n jaar om te onthou, ’n jaar om die lewe te vier en ’n jaar om met dankbaarheid te geniet. Luister asseblief na ons stemme!

Wat ’n ongelooflike gebed! Wat ’n ongelooflike wens vir die onbekende nuwe jaar! Maar, is dit Bybels of is dit maar net nog mooi woorde wat ons diepste wense weerspieël en dus wensdenkery is?

Ja, dit is Bybels, want wat is dit anders as die woorde wat Jesus ons in **Matteus 6:9** leer bid het: **“Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word en laat u koninkryk kom!”**

WAARDEER EN GENIET JOU OMGEWING

Ons almal leef in een of ander omgewing. Jou huis en jou adres is jou unieke omgewing. Die plante, diere, insekte – ja alles rondom jou blyplek is deel van jou omgewing. Selfs al is jy in die versorgingsafdeling het jy 'n versorgingsomgewing. Hoe beleef jy jou omgewing? Is dit vir jou niksseggend of waardeer en geniet jy dit?

Hoe ons oor ons omgewing dink, bepaal hoe ons daarvoor voel. As jy met waardering daarvoor dink, gaan jou omgewing vir jou besondere positiewe betekenis hê. As dit nie veel waarde vir jou het nie, gaan jou omgewing soos 'n niks in jou lewe wees – meer nog – jy gaan soveel vreugde uit jou omgewing mis.

Maak 'n nuwe waardering van jou omgewing. Begin by die inhoud van jou huis. Wanneer laas het jy by daardie spieëlkas in jou slaapkamer gaan staan en teruggedink hoe julle dit op 'n veiling in Johannesburg gekoop het. Laat jou gedagtes deur jou huis beweeg en roep 'n klomp herinneringe, gekoppel aan 'n artikel, op. So kry jy nuwe waardering vir iets ouds en gewoons. Maak jou buffet oop en bewonder daardie *Noritake*-stel wat jare laas gebruik is, maar wat nog steeds so mooi is. Daar was wonderlike geleenthede toe jy dit gebruik het. Waardeer daardie ou maar deftige klere wat jy nooit meer dra nie. Daar was goeie tye toe dit nog gepas het. Jy het goeie smaak gehad. Onthou jy nog toe jy dit na daardie spesiale geleentheid gedra het? Manne kyk na gereedskapstukke in jou motorhuis en dink terug aan waar hulle vandaan kom en waarvoor jy hulle gebruik het.

Kom ons stap na buite. Die ou boekenhoutboom voor jou deur het darem 'n enorme stam en sy bas is so indrukwekkend; lyk soos kurk. Bekyk die spinnekop se web – hoe dit met presiesheid geweef is. Op jou stoep is die miere besig om die



Gielie
Combrink

krummels wat jy gemors het met entoesiasme weg te dra. Vir hulle is dit 'n kosbaarheid waarvoor hulle so dankbaar is. Die tiptol sing uit volle bors – en dan verander hy weer sy deuntjie. Jy word begroet deur 'n blom met sy pragtige pink-pers kleur. Jou vetplante bars uit hulle nate na die reën. Kyk op en sien die mooiste wit wolke wat stadig en statig verby die boomtoppe beweeg. Hoor hoe ritsel die blare in die bome. Jy het darem 'n besondere omgewing!

Mense is ook deel van jou omgewing – jy is nie alleen nie. Waardeer en geniet hulle. Groet iemand met 'n glimlag en vra hoe dit met hom/haar gaan. Jou foon is iets baie belangriks in jou omgewing. Jy kan daarmee kontak met ander mense maak en selfs ook besigheid daarmee doen.

- ♦ Maak jou oë oop en sien die mooi rondom jou raak.
- ♦ Maak 'n nuwe waardering van die algemene dinge in jou omgewing.
- ♦ Stof die ou herinneringe, wat met besittings verband hou, in jou gedagtes af.
- ♦ Geniet wat jy het en moenie treur oor wat jy verloor het nie.
- ♦ Kyk na wat vandag oor is en nie wat jy met die jare verloor het nie.

"Maak 'n herwaardering van jou omgewing en geniet dit".

KOKANJE ADMINISTRASIE EN DIENSTE

Diensure:

Weeksdae 07:30 tot 13:00 en 13:45 tot 16:00

Kontakbesonderhede:

Telefoon: (014) 715-2030/1/2/3

E-pos: pa@kokanje.co.za

Faks: (014) 715-2877

Nood Na Ure:

Brand, water, riool, elektris:

Marius Badenhorst, sel 082-8808974

Frans van Effrink, sel 082-3220646

Medies:

Suster Patricia Snyders: sel 076-910354

Dr. C.A.S. Breedts: sel 082-8784777

KOKANJE SE “GENERASIES”

- Fanie Pretorius

Dalk moet ons (Bestuur en klubs) meer bewus wees van die verskillende ouderdomsgroepe wat in Kokanje woon. Dalk verdien hulle verskillende belangstellings, situasies en behoeftes selfs nog meer beplanning en doelbewuste voorsienings.

Ons sit in Hester Bester se sitkamer. Sy is waarskynlik tans die tweede oudste inwoner van Kokanje en sy is ook een van die heel eerste inwoners en werknemers. Toe die huidige Kokanje nog deur die Vereniging van Staatsamptenare (VSA) besit en bestuur is (nadat die grond van die Stadsraad aangekoop is), het Hester aanvanklik gehelp met bemaking. Eers was daar net drie huise en ’n saal. Later het die Snoepie bygekom op dieselfde plek waar die Snoepie nou is – maar eers was dit in ’n lapa. Alle ontwikkelings wat sedert daardie dae tot nou gebeur het, het sy gadeslaan en dikwels help beplan. Sy het vir 10 jaar in Kokanje se kantoor gewerk (die eerste 18 maande sonder salaris!) Haar aftrede was op die ouderdom van 81.

Saam met ons in die sitkamer sit drie mense wat ’n groot deel van die pad saam met Hester gestap het: Liz Halewijn, Maureen Neethling en Yvonne Kotzé. Die entoesiasme en heimwee waarmee dié vier hulle herinneringe oor die ou dae en al die ontwikkelings en gebeure wat hulle saam beleef het bespreek, is aansteeklik.

Ons word weer bewus van die onvermydelike gang van die lewe. Aan die heel begin van jou lewe word jou sosiale lewe beperk deur jou gebrek aan mobiliteit en verskeie ander vaardighede wat jy dan nog moet aanleer. Aan die einde van jou lewe kan dit gebeur dat soortgelyke beperkings en jou algemene gesondheid jou lewe inperk en jou laat vereensaam. Gelukkig het ’n mens die vermoë om by elke nuwe fase van jou lewe aan te pas – maar dis nie noodwendig maklik nie.

“Wat mis julle as veteraan-inwoners van die vroeëre jare op Kokanje?” vra ek.

“Om almal, of ten minste die meeste mense wat hier is, te ken,” kom die spontane antwoord.

“Is daar iets wat julle anders sou wou hê?”

“Nee wat,” sê Hester. “Die lewe was vir my goed en Kokanje was vir my goed. Ek kan nie aan iets dink waarvoor ek verwyte het of spyt is nie.”



Hester Bester

Foto: Elise Giezing

“Is eensaamheid soms ’n probleem?”

“Jonger mense het hulle eie lewens om te lewe en dit gun ’n mens hulle. Maar ja, ’n mens kan nie help om soms afgeskeep te voel nie. Daar was op ’n stadium omgegroepe in Kokanje, maar dit lyk of dit vervaag het.”

In sy bekendstelling van *Gryskrag* op bladsye 18 en 19 van hierdie uitgawe van Kollig, wys Hoffie Hofmeyr uit dat twee geslagte van ’n familie (ouers en hul kinders) tans meer dikwels in dieselfde aftreeoord woonagtig is, weens die feit dat mense deesdae langer leef. Hy voorsien dat die tyd gaan kom wanneer selfs drie opeenvolgende geslagte terselfdertyd in dieselfde aftreeoord sal kan woon.

Die uitdaging om vir die uiteenlopende basiese (en miskien veral die sosiale) behoeftes van almal voorsiening te probeer maak, verg vindingrykheid.

GELUK MET 90-JAAR-oud-WORD IN 2022!



Hennie Mouton
25 Januarie



Joey Venter
8 Februarie



Fred le Roux
18 Februarie



Almien Badenhorst
21 Februarie



Nellie Erasmus
8 Maart



Rienie Snyman
19 Maart



Marion Oberholzer
29 Maart



Mona Theron
10 April



Ria v d Westhuizen
20 April



Marian Munnik
30 April



Frans Strauss
4 Junie



Hester Botes
14 Julie



Sannie Herselman
24 Julie



Marie Glas
3 Augustus



Lourens Potgieter
3 Augustus



Dolly Roets
8 Augustus



Marie v Deventer
19 Augustus



Dorothy Herselman
4 September



Hettie Potgieter
13 Desember



Bess Kruger
7 Oktober

Kollig Maart 2022

KOKANJE SE ADVIESKOMITEESTELSEL

Agtergrond

Die Kokanje Maatskappy Sonder Winsbejag (KMSW)

Kokanje Aftreeoord se grond, geboue en fisiese infrastruktuur is die eiendom van die KMSW wat ingevolge wetgewing by die betrokke staatsdepartement geregistreer is. Die KMSW is volgens die wetgewing die ontwikkelaar van Kokanje en funksioneer op grond van 'n geregistreerde akte van oprigting. Die wetgewing maak voorsiening vir die gereelde verkiesing van direkteure. Alle vaste eiendom, grond en geboue en infrastruktuur is die eiendom van die KMSW.

Die Kokanje Bestuursvereniging (KBV)

Kokanje Aftreeoord word bestuur deur die KBV. Die KBV funksioneer volgens 'n grondwet wat goedgekeur is deur inwoners en deur die Departement van Behuising. Die KMSW het dit aan die KBV gedelegeer om Kokanje deur middel van 'n demokraties verkose Direksie (KMD) en Bestuurskomitee (BK) te bestuur in navolging van die drie wesenlike doelwitte van die Maatskappy, naamlik die verskaffing van behuising aan bejaarde persone, die verskaffing van etes aan die inwoners van Kokanje en die versorging van verswakte bejaardes.

Die dag-tot-dag bestuur van Kokanje

Kokanje word bestuur deur die Direksie en die BK. Die lede van die direksie en die BK is dieselfde persone, maar daar word afsonderlik notule gehou van die twee vergaderings, omdat die twee bestuursliggame verskillende mandate het. Die Direksie en die BK bepaal die bestuursbeleid van Kokanje, en word hierdeur bygestaan deur 'n Uitvoerende Bestuurder en personeel om al die dag-tot-dag werk in Kokanje te doen. Lede van die Direksie en die BK het geen uitvoerende gesag nie; dit word uitsluitlik aan die Uitvoerende Bestuurder gedelegeer wat deur middel van sy personeel die beleid van die Direksie/BK uitvoer. Daar is dus 'n duidelike onderskeid tussen *beleid* en *bestuur*.

Die Direksie en die BK-lede ontvang geen vergoeding vir hulle werksaamhede nie. Indien

Albert
Venter



hulle in die loop van hulle amptelike take moet reis, word reis- en verblyftoeleae aan die betrokke persoon uit Kokanje-fondse betaal. Die Direksie van die KMSW het reeds sedert 2014 besluit dat die Direksie die [King 3 en 4-riglyne](#) vir korporatiewe regeerkunde as riglyne moet gebruik vir goeie maatskappyregeerkunde (company governance).

Die KMSW het geen personeel in diens nie. Alle personeel van Kokanje werk vir die KBV en hulle diensvoorwaardes word deur die betrokke Arbeidswetgewing bepaal en kontraktueel beding.

Finansies

Kokanje is 'n dienslewerende instelling, naamlik dienslewering aan sy inwoners, wat almal lewenslange okkupasiereg op grond van 'n kontrak by Kokanje gekoop het. Die transaksie is nie bloot die "koop" van 'n huis nie. Die inwoner se transaksie is lewenslange okkupasie van 'n huis na eie keuse en bekostigbaarheid, toegang tot vyf etes per week per okkupasiereghouer en toegang tot tuisondersteuningsdienste sowel as versorging van verswaktes in die *Kokanje Eenheid vir Verswakte Bejaardes* (KE). Daarbenewens is daar verskeie ander geriewe en fasiliteite tot die beskikking van okkupasiereghouers soos die sportsaal, die Lapa, die swembad, die poskantoor, die Kokanje-saal en 'n verskeidenheid sportgeriewe soos die tennisbaan, rolbalbaan en jukskeibaan.

Al hierdie fasiliteite kos geld. Kokanje het drie hoof-inkomstebronne:

- Maandelikse inwonerheffings.

- Surplusse wat verkry word uit die hervervreemding van okkupasiereg aan nuwe inwoners.
- Huurinkomste van 'n paar fasiliteite soos die dokterskamers, die haarkappersalon en die snoepwinkel.

Kokanje is 'n bekostigbare aftreeoord omdat daar 'n mate van onderlinge verdeling van inkomste in sy begroting bestaan.

- * Alle surplusse van die KMSW word aangewend om die onkoste van die instandhouding van geboue en infrastruktuur en van die KE te ondersteun.
- * Inwoners het in 1996 besluit dat as deel van die doelwit om bekostigbare versorging aan inwoners, meestal verswakte bejaardes, te verskaf, elke inwoner as deel van sy of haar maandelikse heffing, 'n bydrae tot die bedryfskoste van die KE moet maak.
- * In wese word ongeveer **42,8%** van die ware koste per persoon van die verpligte maandelikse heffing, deur die bogenoemde oordragbetalings ondersteun. Indien dit nie sou gebeur nie, sou die maandelikse heffing van twee mense wat dieselfde woning deel, nie so bietjie meer as R5 000 per maand gewees het nie, maar 42,8% meer, d.w.s. R3 644) en sou die heffing nader aan R8 644 tot R9000 wees. 'n Enkelpersoon sou R2 600 per maand meer heffing moes betaal.
- * Desgelyks, sou KE-sorg ongeveer R22 000 per maand gekos het, pleks van om en by R5 000 tot R6 000 per maand gemiddeld per KE inwoner.
- * En laastens, tuisondersteuningsdienste sou 'n inwoner geld gekos het per besoek, waar dit tans gratis geskied.

Hoe pas advieskomitees by bogenoemde bestuursmodel in?

Die grondleggers van Kokanje het die wêreldwye gebruik gevolg dat bejaarde inwoners van aftreeoorde deel moet hê aan die bestuur van hulle oorde. Kokanje het tussen 850 tot 900 inwoners per jaar. Hierdie inwoners het voor aftrede 'n groot verskeidenheid beroepe gehad. Hulle bring 'n omvangryke kennis en ervaring met hulle saam. En die kennis verdwyn nie sommer noudat hulle so

tussen 60 en 70 jaar oud in Kokanje ingekom het en vir die volgende 20 of meer jaar hier gaan bly nie.

Een manier om hierdie kundigheid te benut, is om inwoners te vra om vrywillig op advieskomitees te dien wat die Direksie en BK van kundige advies kan bedien. Die stelsel was oor die jare heen tot groot voordeel vir Kokanje en sy inwoners.

Hoe werk advieskomitees

Elke jaar nadat die Kokanje Bestuur verkies is aan die einde van Maart, word daar op die toonbank in die ingangsportaal lêers uitgesit met die name van die advieskomitees voorop. Binne-in is daar 'n bladsy waarin inwoners hulle name kan skryf om as advieskomiteelede beskikbaar te wees. Die betrokke BK-lid wat verantwoordelik is vir die werksaamhede van die advieskomitee gaan na sowat drie weke die name na, voer onderhoude met die persone wat hulle name opgesit het en wys dan sowat 8 na 10 inwoners aan om in die komitee te dien. Die kriteria vir die keuse van die betrokke persoon berus op die kennis, ervaring en vaardighede wat die inwoner na die komitee toe bring. Sommige advieskomitees het meer spesialis-kennis nodig, soos die Tegniese Advieskomitee (Tegkom), wat byvoorbeeld verantwoordelik is vir die bouprojekte, instandhouding van infrastruktuur en alles wat daarmee gepaard gaan. Desgelyks het die Versorgingsdiensadvieskomitee (Sorgkom) inwoners nodig wat kennis en ervaring het van bejaardeversorging, maatskaplike werk, verpleging of wat 'n passie daarvoor het. Op dieselfde wyse dien inwoners met kennis en ervaring van finansiële bestuur in die Finansiële Advieskomitee (Finkom). Finkom se lede word ook spesifiek deur die BK goedgekeur. Die Omgewingsbewaringsadvieskomitee (Wakom) benodig inwoners wat 'n passie het vir en kennis van omgewingsbewaring, dalk ook 'n spesialiskennis van ekologie, plante en dierelewe, maar het ook leke nodig wat omgewingsbewus is. Die Voedseldiensadvieskomitee benodig inwoners met kennis en ervaring van grootmaat-voedselbereiding en kombuis-uitrusting, maar wat ook gewoon 'n passie of diensbaarheid het om die Bestuurder: Voedseldiens by te staan om die moeilike taak van 850 tot 900 etes per weeksdag aan bejaarde mense met verskillende smake en geite tevrede te stel. Elke advieskomitee het 'n reglement van orde

waarvolgens die komitee werk. Komitees moet in sinkronisasie met die BK maandeliks vergader en verslag doen aan die eersvolgende vergadering van die BK. Komitees doen navorsing, maak aanbevelings, verkry menings van ander deskundige inwoners en debatteer onder mekaar oor sake wat op hulle agenda kom. Hierdie aanbevelings word uiteindelik aan die BK voorgelê vir oorweging, aanvaarding, verandering of afkeuring. Aanbevelings wat deur die BK as beleid aanvaar word, gaan op sy beurt na die lessenaar en kantoor van die Uitvoerende Bestuurder (UB) vir uitvoering. Advieskomitees is nie verantwoordelik vir die uitvoer van beleid nie, dit is die verantwoordelikheid van die UB en sy Bestuurders. So word die skeiding tussen beleidsmaking en uitvoering behou.

Uit die voorafgaande kort opsomming blyk dit dat met inbegrip van die 12 BK-lede, daar meer as 100 inwoners betrokke is by die vorming van beleid vir die daaglikse en ook langtermyn-beleid vir Kokanje. Advieskomitees is die oë en ore van die BK in die gemeenskap. Hulle bly in die gemeenskap, ervaar die probleme en die goeie aspekte van die Kokanje-leefstyl. Dit gee ook aan 100 of so bejaardes die geleentheid om sinvol *post* aftrede tot diens van hulle mede-inwoners te wees.

Kan inwoners advieskomiteevergaderings bywoon?

Die vraag is aan my gevra by die opstel van hierdie inligtingstuk: *Watter toegang het nie-lede van advieskomitees tot die komitee se maandelikse vergaderings?* Die gesondeverstand-antwoord is myns insiens die volgende: Enige inwoner het die volste reg om die voorsitter van 'n advieskomitee te vra om inligting oor die komitee se werksaamhede. 'n Inwoner kan sekerlik ook vir die voorsitter vra of hy/sy die betrokke komitee kan toespreek aan die hand van 'n skriftelike voorlegging wat binne die mandaat van die komitee val. Die voorsitter van 'n komitee bepaal die agenda. As die inwoner die voorsitter na gesprek oortuig dat die voorlegging waarde sal toevoeg tot die advieskomitee se mandaat en die uitvoering daarvan, is dit my oortuiging dat redelike versoeke nie geweier sal word nie, of dat die voorsitter sal onderneem om die skriftelike voorlegging self aan die komitee voor te lê vir oorweging en uiteindelijke besluitneming deur die

BK. Sou daar 'n meningsverskil tussen die advieskomiteevoorsitter en die inwoner ontstaan oor die meriete van die saak, bestaan daar 'n gestandaardiseerde konfliktoplossingsreglement in Kokanje en kan die inwoner hom of haar tot daardie roete wend. Niks kom egter by 'n openlike nie-aggressiewe benadering tot konfliktoplossing nie. Almal in Kokanje speel darem vir dieselfde span: *'n rustige en veilige lewe in die Bosveld-omgewing.*

VIR INWONERS SE GERIEF: Hier volg die hele 2021/2022-bestuurskomitee en alle advieskomitee-voorsitters – na aanleiding van die portefeuljes wat toegeken is:

De Jager, Leon

Voorsitter van die Bestuurskomitee (BK), die Direksie en die Dagbestuur; lid van die Risiko- en Tender-advieskomitees.

Du Plessis, Johan

Ondervoorsitter van die BK, die Direksie en die Dagbestuur; voorsitter van die Kommunikasie-advieskomitee.

Bernhardt, Adré

Voorsitter van die Voedseldiensadvieskomitee; verteenwoordiger op die Versorgingsdiens-advieskomitee; lid van die Risikoadvieskomitee.

Botha, Theuns

Voorsitter van die Omgewingsbewaringsadvieskomitee; verteenwoordiger op die Finansiële Advieskomitee.

Delport, Jan

Voorsitter van die Risikoadvieskomitee; verteenwoordiger op die Kommunikasieadvieskomitee.

Du Plessis, Ben

Verteenwoordiger op die Tegniese Advieskomitee.

Du Plessis, Jean

Voorsitter van die Tegniese Advieskomitee; lid van die Dagbestuur en van die Risikoadvieskomitee.

Halewijn, Liz

Voorsitter van die Versorgingsadvieskomitee; verteenwoordiger op die Voedseldiensadvieskomitee; lid van die Risikoadvieskomitee.

Koning, Alvar

Voorsitter van die Finansiële Advieskomitee; verteenwoordiger op die Omgewingsbewaringsadvieskomitee.

Stander, Charl

Verteenwoordiger op die Finansiële Advieskomitee en op die Sport-en-ontspanningsadvieskomitee.

Van Heerden, Gert

Voorsitter van die Sport-en-ontspanningsadvieskomitee.

WANPERSEPSIES OOR DIE HOEKWINKEL

Nadat die berig oor die werksaamhede van die Hulpfonds en die Hoekwinkel op bl. 9 van die Desember-Kollig verskyn het, het ons bewus geword van sekere wanpersepsies oor die funksionering van die Hoekwinkel. Mense is huiwerig of wil nie skenkings aan die Hoekwinkel maak nie, omdat hulle onder die indruk is dat alle items vir slegs R5 verkoop word. Dit is van alle waarheid ontbloom.



Henk Potgieter
Namens die bestuur van die Hulpfonds



Slegs items wat aan die einde van 'n seisoen nie verkoop het nie en oorgebly het, word op die stoep teen R5 uitverkoop. Binne die winkel word alle ander items teen verskillende pryse verkoop. Uiteraard is die pryse goedkoper maar die pryse wissel volgens die aard van die goedere wat verkoop word, maar is baie beslis hoër as R5.

Ons vra baie mooi dat u veral **somerklere** en **huishoudelike ware** aan die Hoekwinkel sal skenk. Die Hoekwinkel het op die oomblik baie min voorraad en het 'n groot behoefte aan u skenkings. Indien die Hoekwinkel geen skenkings ontvang om te verkoop nie, droog die belangrikste bron van inkomste vir die Hulpfonds op en ons kan nie hulp verleen waar dit regtig nodig is nie

KAN ONS BEKOSTIG OM TE AGTER TE RAAK?

Ons is almal bederf met die groot hoeveelheid kleur en super-goeie klank en beeld wat ons elke dag kan beleef. Ons oumas en oupas sou snak na hulle asems as hulle die voorregte van vandag se sitkamertoerusting kon sien en hoor. Aanvanklik het hulle en ons dit as onbereikbaar duur beskou. Vandag is dit dalk steeds "duur", maar *nie* onbetaalbaar duur nie. *Dit het relatief goedkoper geword én dit het in baie gevalle amper noodsaaklik geword (soos selfone).*

Spring na vandag se situasie: Is dit heerlik om na volkleur-foto's te kyk, in hierdie Kollig? *Nie juis nie*, want ons is al so gewoond aan volkleur! Ons is bederf! **Is die vaalgrys foto's in hierdie Kollig nou 'n bietjie irriterend-dof? Of kyk jy skaars daarna?**

Miskien het jy al gehoor of gelees dat Kollig nou ook "digitale" weergawes het — met volkleur-foto's van voor tot agter. (Voorlopig is sommige advertensies nog swart-en-wit.) Weet jy dat die digitale weergawes van Kollig *aansienlik* goed-

koper is om te maak: Kokanje en sy inwoners kan beduidend spaar, hoe meer van ons oorskakel!

As jy tans 'n WhatsApp-boodskap en/of e-pos kan ontvang, dan maak jy *reeds* gebruik van die Internet op jou slimfoon, tablet of rekenaar. Jy het reeds halfpad gearriveer - iemand moet jou net wys hoe om die volgende stap(pe) te doen. Die goedkoopste slimfoon kos tans R300, as jy een nodig het. Die volgende stap is WhatsApp - en dan die Internet met sy ongelooflik bruikbare e-pos en tonne ander voordele - soos die **digitale Kollig**. Digitale kommunikasie is nou maar eenmaal *baie* goedkoper as die gebruik van selfone, telefone en selfs as briewe en poskaarte - as jy dit reg gebruik.

Maar hier is die beste nuus: Daar is iemand in Kokanje wat bekwaam *en* lus is om jou geduldig tegniese-touwys te maak, *in fluent English* óf in vlot Afrikaans: **Jill Cairns; sel 083-2304574**; tarief: R30 per uur, ten bate van Kokanje se Rekenaarklub. **Kan jy bekostig om haar NIE te bel nie?**



Request your FREE home demo TODAY!

FREEDOM MOBILITY SCOOTERS



Get your freedom back with the new **"LIFE"** Mobility scooter

064 501 9575

info@mobility4homes.co.za
www.mobility4homes.co.za

BANHO BATHCHAIR



Enjoy a relaxing bath with no risk of getting stuck or falling



SILVER OAK RECLINER



From comfortable relaxation to a standing position effortlessly

**WE DON'T JUST SELL CARS,
"WE BUY CARS" TOO!**



sell us your car

Auto Investments
Middelburg

www.autoimiddelburg.co.za
Contact: Cobus Erwee
066 374 6451

BRING ADVERTENSIE SAAM VIR 10 % AFSLAG!



Bergstryd

Singel

No 7

PicknPay
Centre

KFCMBT



Pepes

ISUZU

5 Gewels



To Vaalwater

To N1

Van Riebeeck

LS
Eenheid

Paul Kruger str



Bakker str



Cloud Nine.
beds for the rest of your life.

Rest Assured
comfort for life



Direk van die Fabriek na jou
in Kokanje, Pretoria en Johannesburg
Laagste Pryse | Aflewering ingesluit in Kokanje

R1500



DUBBEL MATRAS TOPPER

**SPAARRAMER ENKEL
BEDDENS
R2999**



137 SPRING
TOP BOX

R 4200

92 CLASSIC
100K



R 4990

137 EPIC
125K



R6900

152 CAMDEN
145K



R8600

**Pryse vir Matras alleen
Basis R1500**



Pieter Knoetze, Kokanje 51F
079 041 2878
pieterknoetze13@gmail.com

STUDIO H

THE ART OF HAIR DESIGN
UNISEX SALON

KERKSTRAAT 105

(Langs Pos Koerant)

061 354 0459

herman.studioh@yahoo.com

NIOXIN Kadus WELLA SYSTEM
PROFESSIONAL PROFESSIONALS PROFESSIONAL

Mans Haarsny
Dames Haarsny
Blowwave
Set
Tint / Hi-light
Perm

KE asook Huisbesoeke beskikbaar indien
dit nie moontlik is om Salon toe
te kom nie.

Skakel gerus of kom loer somer in
om u afspraak te maak.

Besigheidsure
Maandag - Vrydag
7:30 tot 12-30

Eloisa

Tel: 082 466 6806
014 715 2012

Salon Kokanje Mari



HULDEBLYK: DIRK POTGIETER

Op 19 Desember 2001 is 'n gewaardeerde BK-kollega, vriend en mede musiek liefhebber en gespreksgenoot oorlede. Dirk en ek het ses jaar saam in die Bestuurskomitee gedien en soos die gewoonte nou maar is, altyd langs mekaar gesit. Dirk was 'n besadigde en kalm mens. Nie so breedspakig soos ek soms in die BK nie. Maar as Dirk sy hand opgesteek het en om iets te sê kon jy maar weet dis oorwoë, sinvol en die moeite werd om na te luister.

Die afgelope vier of wat jaar was sy Bestuurskomiteeportefeulje gerig op die ontwikkeling van 'n Bestuursinligtingstel vir Kokanje (*Biskom*). Hy het 'n paar inwoners gehad wat daarmee gehelp het, maar hy was die hoofargitek daarvan. In geldterme kan sy bydrae nie gemeet word nie.

Wat ek wel weet is dat indien ons die taak aan 'n professionele onderneming sou uitkontraakteer, dit Kokanje honderde duisende rande sou gekos het. Dirk het *Biskom* met toewyding en uit liefde van die saak gedien. Dirk was veelsydig: professionele



Dirk Potgieter

Deur Albert Venter



bedryfsingenieur, kenner van sterrekunde, wiskunde, inligtingstechnologie, die kosmologie en dendrologie. Hy was 'n natuurliefhebber en voëlkyker en het 'n besondere fyn klassiekemusieksmaak gehad. Hy was lid van die Nylstroomse mannekoor en was brug- en skaakspeler. Dirk was ook sterk familiegebonde. Hy en Barbara het gereeld met aansienlike onkoste en moeite vir hulle oorsese kinders gaan kuier. Digterlik sou mens oor hom kon sê: *Stil broers daar loop 'n man verby*. Nou is hy nie meer daar nie, maar hy leef in ons gedagtes voort.

Aan Barbara en hulle kinders, dankie dat julle Dirk vir ons geleen het in Kokanje.

Rus sag ou vriend, ons sal jou teenwoordigheid en menslikheid mis.

CHRISTMAS LIGHTS

To all the people involved in the Christmas Lights Wonderland at the entrance to Kokanje: Congratulations! What a wonderful display that took me back 65 years ago as a little 7-year-old girl! My dear parents always made the effort to take us to Joubert Park in Johannesburg to see the Christmas lights. They were a joy to behold and kept the magic of the birth of Jesus alive in its amazing glory.



Peace to the world and all of us in this haven we live in.

Patricia Beith, 81C

PATRICIA SÊ DANKIE

Aan alle inwoners en personeel word daar 'n voorspoedige 2022 toegewens. Hiermee net 'n dankie sê aan almal wat ons by Versorgingsdienste daaglik in julle gedagtes en gebede hou. Dankie vir elkeen se bydrae, hoe gering ook al, ten opsigte van ons inwoners. Dankie is 'n klein woordjie maar u maak die inwoners se dag al is dit net om halo of groete te stuur.

Baie inwoners het skenkings gemaak aan die Kokanje Eenheid - dit word opreg waardeer. Ek hoop dat die jaar wat voorlê vir u elkeen geseënd sal wees.



Patricia Snyders

Bestuurder: Versorgingsdiens

Kollig March 2022

ASPEKTE VAN DIE KOKANJE-EKONOMIE

Die ekonomie van Kokanje is mikro-ekonomies van aard wat onderliggend en afhanklik is van die makro-ekonomiese omgewing van Suid-Afrika. Monetêre beleid wat hoofsaaklik deur die Reserwebank bepaal word, is ietwat rigied en hoofsaaklik onafhanklik van staatsinmenging. Daarteenoor word fiskale beleid beïnvloed deur die veranderlikes van die bruto binnelandse produk, naamlik owerheidsbesteding en -investering, privaat besteding en die netto waarde van in- en uitvoere. Uiteraard is laasgenoemde veranderlikes nie net van landsbelang nie maar ook van belang vir 'n aftreeoord soos Kokanje met ongeveer 870 inwoners, ten einde die volhoubaarheid te verseker.

Die jaarlikse begroting van Kokanje is 'n plan waarvolgens verskillende bronne volgens doelwitte toegewys word. Gevolglik word verskillende bronne wat benodig word gekwantifiseer, gespesifiseer en geprioritiseer om neergelegde strategieë te implementeer. Ook dien die begroting as 'n aanduiding van bykomende bronne wat nodig is en 'n bewusmaking van die realiteite van Kokanje se doelwitte en strategieë. Die beplanning van 'n begroting met betrekking tot brontoewysings onderstreep die strategiese implementering daarvan, en van 'n direksie met 'n streng verbintenis tot sy begrotings. 'n Begroting word gebaseer op korttermyn doelwitte en gevolglik word bedryfsresultate gereeld met die begroting vergelyk.

Die omstandighede van Kokanje-inwoners moet binne die raamwerk van hoofsaaklik beperkte inkomstes beoordeel word. As gevolg daarvan dat die verbruikersprysindeks (inflasiekoers) jaarliks die reële waarde van die rand verminder en verhogings van aftree-inkomstes nie noodwendig daarmee tred hou nie, kan "verarming" plaasvind wat 'n direkte invloed het op aspekte soos die Kokanje-heffing en die moontlike verlaging van die lewenstandaard.

Onderliggend aan die volhoubaarheid van Kokanje is dus 'n sensitiewe balans tussen inkomstes en uitgawes. Inkomste word hoofsaaklik gegenereer deur heffings, die verkoop van okkupasierereg, en ander diverse inkomstes soos verhuring,

Anton Brits, 98C



opbrengste uit rente en beleggings, telekommunikasië-installasies, ensovoorts. Uiteraard is dit belangrik dat uitgawes hoofsaaklik ten doel het om die instandhouding en verbetering van geriewe en infrastruktuur na inwoners se behoeftes daar te stel. Verskeie klubaktiwiteite is uiters belangrik maar behoort onderworpe te wees aan bepaalde finansiële vereistes omdat Kokanje dit nie altyd kan finansier nie. Dit is gevolglik belangrik dat die ledegeld van sulke klubs die volhoubaarheid van die klub in ag moet neem deur ledegeld te hef wat voldoende is om die ekonomiese bedryf daarvan te handhaaf en moontlike reserwes op te bou ten einde toekomstige verbeterings van die spesifieke klub te finansier.

Die werksaamhede van Kokanje word bedryf deur 'n personeelkorps wat 'n belangrike bate van Kokanje is. Uiteraard word daar ook van eksterne operateurs en diensverskaffers gebruik gemaak. 'n Verkrygingsbeleid, wat deur die Direksie onderskryf is en die verantwoordelikheid van die Uitvoerende Bestuurder is, word gebruik om tenders, kwotasies en finansiële vereistes deursigtig te beoordeel en toe te ken. Die beperkte ekonomiese omgewing van Modimolle ten opsigte van diensverskaffers en boukontrakteurs bied egter 'n probleem. Laasgenoemde verg versigtige oorweging en samesprekings wat tot voordeel van Kokanje moet strek.

Vergelykings met ander aftreeoorde word soms nie -wetenskaplik deur inwoners beredeneer, wat onaanvaarbare negatiwiteit teweeg bring aangesien afleidings gebaseer word op nie-vergelykbare aspekte. Enige navorsing moet op vergelykende data gebaseer word ten einde substantiewe resultate en gevolglik vergelykbare gevolgtrekkings te kan maak. Ten opsigte van vergelykbare inwonerinligting (alle deelnemende entiteite) is die ideaal om wetenskaplik-regverdige

ASPEKTE VAN DIE KOKANJE-EKONOMIE (vervolg)


resultate te verkry. In die geval van aftreeoorde kan inwonerinligting egter moeilik bekombaar wees as gevolg van koste-implikasies. Derhalwe behoort daar van 'n verteenwoordigende en wetenskaplik-korrekte steekproef gebruik gemaak te word.

Volgens internetbronne, onder andere, www.seniorservice.co.za, is daar 26 gelyste aftreeoorde in Limpopo en 167 in die hele Suid-Afrika. Wetenskaplike vergelykbaarheid van ander aftreeoorde met Kokanje kan egter problematies wees as gevolg van die verskillende veranderlikes soos die Bosveldligging, 68 hektaar waarop 596 okkupasierereg-huise gebou is, direkte toegang tot [Koro Creek](#)-gholfbaan, die aangrensende [Weesgerus](#) Vakansieoord met voortreflike swembaddens, en ander vakansiegeriewe. Uiteraard is laasgenoemde onwaarskynlik by ander aftreeoorde, veral in stedelike gebiede.

Tans word die ekonomiese omgewing van Kokanje, wat vraag en aanbod betref, beduidend beïnvloed deur die alombekende koronavirus. Nie alleen het die virus 'n toename van sterftes tot gevolg gehad nie maar verskeie ander ekonomiese aktiwiteite word gekortwiek. Hierdie aspekte het 'n oormaat aanbod van okkupasierereg tot gevolg gehad wat uiteraard opbrengste uit verkope beperk. Laasgenoemde het 'n indirekte invloed op inwoners se heffings asook ander begrote vereistes.

As gevolg van bostaande is dit dus voor die hand liggend dat finansiële ontledings, gebaseer op huidige en toekomstige vooruitgeskatte ekonomiese veranderlikes, uiters belangrik is vir die volhoubaarheid van Kokanje.

Opsommend is die realiteit egter dat "Kokanje", wat beteken "Luilekkerland", nie slegs 'n slagspreuk is nie maar 'n werklikheid.



Edelweiss
Brits

NUWE INTREKKERS

Frik en Alet Grobler, 90B

Alet het vir 59 jaar lank in Pietersburg gewoon. Sy het daar skoolgegaan en het daar getrou. Sy was 33 jaar lank werksaam by SARS. Sy en Frik is ywerige stappers en het verskeie staproetes gestap.

Frik het grootgeword in Carolina en het in 1974 na Pietersburg verhuis. Daar het hy en Alet ontmoet en hulle is 1979 getroud. Hy was 40 jaar lank werksaam by die munisipaliteit as Tegniese Opmeter.

Frik is bedrewe in Israeliese [Krav Maga](#)-self-

verdediging. Hy het onlangs hier 'n klub gestig.



Hy slyp ook messe en skêre. Verder restoureer hy riempiesbanke en stoele.

Annatjie van Zyl, 53A

Annatjie is die dogter van Annatjie Roux wat 33 jaar lank in 64C woonagtig was.

Annatjie Junior (53A) was vanaf 1961 woonagtig te Nylstroom. Hier het sy skoolgegaan, getrou en kinders grootgemaak. Sy het onderwys studeer en was vir 40 jaar betrokke by die onderwys. Sy het by drie van die skole in Nylstroom skoolgehou.

Na haar troue het hul vir 21 jaar op die plaas Doornfontein geboer. Daarna het hul dorp toe

getrek. Haar man is tien jaar gelede oorlede.

Sy het op 25 Nov 2021 te 53A ingetrek en is tans hard besig met tuinmaak. Sy sê sy woon lekker - net spyt dat sy nie al vroeër gekom het nie.



KOKANJE SE KOMPOSVERHAAL

Toe ek in Oktober 2015 hier by Kokanje intrek, het ek as getoë Vrystater somer gou my hart op die Bosveldbome verloor. En die ontsaglike blarerykdom wat afval grond toe. Ek het in my jare as entoesiastiese tuinier ontdek dat blare verreweg die beste kompos maak. 'n Boom is, anders as kleiner plante, toegerus met 'n wortelstelsel wat hom toelaat om in die grond te gaan haal wat hy nodig het en dit dan in sy blare te stoor. Blaarkompos bevat minerale en ander voedingstowwe wat jy nie somer in ander kompos of organiese bemesting, dieremis (behalwe dié van blaarvreter) of kunsmis kry nie. Daarvan leef die boom dan en wat van die versamelde voedingstowwe in die verkleurde blare oorbly, gaan dan weer terug grond toe.

'n Wonderlike sikliese patroon — wat in Kokanje wreed onderbreek is deur tonne kosbare blare en ander tuin-afval wat elke week onverbiddelik na die munisipale vullisterrein weggery is. Vir 30 jaar lank! Dit was 'n vorm van geweld teen die Bosveldnatuur!

Ek was erg geskok toe ek kort na my aankoms een oggend vir Charles Lightfoot van Elim in sy bakkie vol kosbare goue blare vra, waar die blare heengaan en hy vir my sê: *"Stortingsterrein toe."*

Ek het vroeg in 2016 aangesluit by die Omgewingsbewaringsadvieskomitee met die uitsluitlike doel om met 'n komposinisiatief vir die hele Kokanje te begin. Ek is meegedeel dat daar al pogings was om met komposmaak te begin, maar dat die groot probleem was dat daar nie toestemming van die munisipaliteit vir die projek gekry kon word nie. Yvonne Kotze en Marius Badenhorst het nietemin 'n bietjie kompos naby die aalwyntuin gemaak vir Kokanje se openbare tuine en sommige inwoners het so onder die radar privaat op hul persele kompos gemaak.

Ek bied toe aan om, in samewerking met ander komposentoesiaste, 'n breedvoerige memorandum oor komposmaak vir die hele Kokanje op te stel. Benewens uit my eie kennis en ondervinding van komposmaak, het ek ook geput uit die organiese boerderykennis en -ondervinding van Basie Alberts en prof Jan Kotze, 'n mikrobioloog. Ook Johan de Lange se ondervinding het baie gehelp. Die komitee, o.l.v. die voorsitter Douwe van Wyk en die sekretaresse

Yvonne Kotze, aanvaar toe die memorandum met groot entoesiasme en besluit om by die Bestuurskomitee aan te beveel dat ons, sonder toestemming van die munisipaliteit, begin met 'n komposprojek in die lig van die feit dat hulle ons vroeëre verhoë geïgnoreer het en dat ons hulle uitnooi om inspeksie te kom doen.



Jan Botha

Die Bestuurskomitee wou egter nie in die Munisipaliteit se slegte boekies kom nie, en stel ons in kennis dat die projek goedgekeur word op voorwaarde dat ons skriftelike toestemming van die Munisipaliteit kry. Dit moes ook 'n inwonerinisiatief bly.

Genadiglik het die DA-koalisie in Augustus 2016 aan bewind gekom. Na baie skakeling beland ek toe ewe voorbarig een oggend in die burgemeester, Marlene van Staden, se kantoor. Sy was baie simpatiek. Sy het toe al ons aansoek op haar lessenaar gehad. Ons was nog aan die praat toe mnr. Namate, onder wie die komposprojek sou val, en vir wie die burgemeester om 'n ander rede ontbied het, aanklop. Sy stel hom toe aan my bekend en voeg by: *"Mr. Namate, can you go with me to Kokanje this afternoon for a site inspection?"*

Daardie middag was hulle hier en 'n week later op 28 September 2016 het ons ons skriftelike toestemming op 'n munisipale briefhoof gehad. Watter deurbraak en vreugde!

Nadat water aangelê is, tuingereedskap, tuinslange, sinke en pale gekoop is, is die eerste vraag tuinafval op 19 Oktober 2016 afgelaai. Basie het vir ons die eerste 20 liter Effektiewe Mikro-organismes (EM) by prof. Koos Prinsloo net buite Modimolle aangekoop om ons kompos te verryk. Aan die einde van Januarie 2017 is die eerste kompos gelever.

Alhoewel ek sterk leiding geneem het, was dit van die begin af 'n spanpoging. Op 25 Oktober 2016 het ons ons eerste komposspanvergadering onder die bome op die komposplek gehou. Die teenwoordiges was Basie Alberts, Chris Brits, Johan de Lange, Richard Fick, Daan Grabe, Koos Kearney, Pieter Knoetze, Fritz Wolff en ek, Jan Botha. Die afgelope 5 jaar was 41 manne by die

KOKANJE SE KOMPOSVERHAAL (...vervolg)

komposprojek betrokke en 6 dames o.l.v. Yvonne Kotze het kompos in die portaal verkoop.

Koos Kearney het 'n deurslaggewende aandeel bygedra om ons produksielyn te ontwerp. Ons het uiteindelik plek kon inruim vir twee produksielyne op die plek wat aan ons toegewys is. Ook Johan de Lange het 'n groot bydrae gelewer deur onder andere 'n ou perdesleepwa te skenk wat ons nou nog as 'n stoorkamer vir ons gereedskap en sakke gebruik.

Op 19 Oktober 2021 het ons die vyfde verjaarsdag van ons komposprojek gevier met 'n partytjie in die lapa. Dit was 'n heerlike nostalgiese kuier, maar ons het ook met hartseer gedink aan 2 lede van ons span wat intussen oorlede is nl. Thys du Preez en Richard Fick. Ons het ook een van ons stigterslede Fritz Wolff se vrou Resi wat in 2019 oorlede is, met hartseer onthou. Intussen is een van ons staatmaker bakkievrywilligers, Adriaan de Jager, ook oorlede.

En nou verhuis ek en Marie op 1 Maart om nader aan ons familie te wees. Maar wees gerus. Daar is geen gevaar dat die komposprojek nou gaan doodloop nie. Inteendeel! Die komposprojek betree nou 'n nuwe opwindende fase onder leiding van 'n leierskapspan van vier, naamlik -

Jan Delpont as koördineerder en oorkoepelende leier;

Herman Kraay – produksie;

Michiel Human – logistiek;

Pieter Knoetze – bemarking en finansies.

Intussen is daar baie heerlike fyn kompos en 'n spesiale aanbieding beskikbaar. En kort voor lank gaan al ons tuinafval, ook takke, deur 'n kerwer fyn gekerf word sodat die komposproses verkort kan word en die kompos altyd fyn sal wees.

Basie Alberts en ek het hard probeer om almal te oortuig dat growwe blaarderige kompos beter is vir beddings. Basie het dit altyd *“slow release”* kompos genoem. Kompos is gereed vir gebruik as dit nie meer warm is nie en nie meer sleg ruik nie, maar ons oortuigingspoging het nie geslaag nie. Sodra ons fyn kompos opraak en die varser blaarderige kompos al is wat ons het, daal die verkope. Maar dit verander eersdaags.

Ek sê baie dankie vir almal wat deel was en is van die komposprojek en baie dankie vir almal wat kompos gekoop en kwistig gebruik het. So het ons almal 'n belangrike bydrae gelewer tot die bewaring van ons bodem en ons geliefde Kokanje.

19 Oktober 2021: Die vyfde verjaarsdag van die komposprojek word in die lapa gevier.



Voor: Dawie du Preez, Johan de Lange, Fritz Wolff, Theuns Botha, Yvonne Kotze, Lourens de Lange.

Agter: Willie Botha, Jan Botha, Adriaan de Jager, Chris Brits, Gert van Heerden, Pieter Knoetze en Michiel Human.

AL GEHOOR VAN “GRYSKRAG”?

Die welwillendheid- en diensorganisasie, GrysKrag, is in 1995 gestig, hoofsaaklik met die doel om –

- toepaslike inligting op allerlei maniere aan seniors te verskaf;
- aktiewe veroudering te help bevorder, m.a.w. om seniors aan te moedig om nie uit te tree wanneer hulle aftree nie, maar om deel van die gemeenskap te bly en nuwe belangstellings te ontwikkel;
- projekte ten bate van seniors te onderneem;
- navorsing oor seniors se behoeftes te doen; en
- seniors se belange by owerheidsinstansies te bevorder, waar van toepassing, in samewerking met ander organisasies.

GrysKrag se teikengroep is afgetredenes, d.w.s. persone van sestig en ouer, maar soms word ook inligtingseminare vir mense tussen vyftig en sestig aangebied wat in die finale fase van voorbereiding vir aftrede staan.

Oor die jare heen was GrysKrag by 'n groot verskeidenheid projekte ten bate van seniors betrokke, waarvan sommige amper vaste instellings geword het. Covid het dit egter die afgelope twee jaar onmoontlik gemaak om die jaarlikse dinee en gholftoernooi te hou, of om weer 'n fietsrytoer of "roadshow" te reël. Dieselfde geld deelname aan die *Plus 50*-skou in Utrecht en die reël van uitstallings soos wat 'n paar jaar gelede by die Skouterrein in Pretoria of die LC de Villiers-stadion van die Universiteit van Pretoria gedoen is, waar stokperdjies van seniors en items wat vir hulle van belang is, uitgestal is. By daardie geleentheid is etes vir tot 1500 seniors aangebied en het verskeie gaskunstenaars die vermaak verskaf.

Oor die afgelope tyd is meer gekonsentreer op handevat-aksies met ander organisasies om projekte uit te voer. Op die Wesrand is byvoorbeeld saam met die *Ouer Persone Forum* van Roodepoort 'n honderdtal rolstoele aan seniors wat dit nodig gehad het, geskenk. In die Waterbergdistrik is daar gepoog om samewerking tussen verskeie organisasies, kerke en die munisipaliteit te fasiliteer om probleme wat daar

Hoffie Hofmeyr

Uitvoerende Ondervoorsitter: GrysKrag

Executive Vice-chairman: GreyPower

ondervind word, te bespreek. 'n Kuierweek is laat verlede jaar onder die vaandel van GrysKrag se mediavenoot, *Plus 50 Media*, by die ATKV-oord by Buffelspoort gehou waar 'n aanbieding oor genealogie gedoen is.

Wat die onmiddellike toekoms betref is daar in saamewerking met die *SA Noodhulpliga* planne beraam om 'n kursus oor noodsituasies wat by seniors voorkom, met 'n gepaardgaande handleiding en 'n spesiaal-ontwerpte noodhulpkissie vir mense wat na hulle omsien, uit te reik, sodat hulle kan weet hoe om sulke situasies te hanteer totdat hulp opdaag. 'n Kleuterboekie wat oupas en oumas kan gebruik om spaarsin by hul kleinkinders aan te moedig, is in beplanning. In Pretoria is die sogenaamde *Bring-en-Vertel*-samekomste, waar 'n spreker oor 'n interessante onderwerp praat en daarna gesellig saamgekuier word, in Februarie hervat. Daar word ook beoog om met die uitgee van 'n eie nuusbrieff aan lede voort te gaan en om bydraes tot die *Plus 50*-tydskrif en die televisiereeks "*Met 'n Huppel in die Stap*" te maak. Dan word beplan om met die *SA Weermag Veterane (SAWV)* en die *SA Vrouefederasie (SAVF)* te skakel ten einde gemeenskaplikhede vir samewerking te identifiseer. Die SAWV se lede is landwyd versprei en so ook die 1 500-tal aftreeoorde en ouetehuse van die SAVF. Intussen sal kontak met eweknie-organisasies in die buiteland, o.a. in Holland en Nieu-Seeland, behou word om te sien wat by hulle geleer kan word.

'n Belangrike aspek om te onthou wanneer van seniors as 'n groep gepraat word, is dat die mense bo sestig in wese meer as een geslag verteenwoordig. Met die hele bevolking wat ouer word, kan dié groep nou reeds ouers en kinders insluit en een van die dae selfs kleinkinders. Hierdie geslagte het verskillend grootgeword, selfs op verskillende plekke (bv. die platteland en die stad). Hulle het verskillende agtergronde en sienings, sowel as verwagtinge wat betref behuising, versorging, aktiwiteite, leesstof, wat hulle op TV kyk, hoe hulle

eensaamheid ervaar, wat hul kennis en die gebruik van tegnologie is, ensovoorts. Tog word hulle in 'n groot mate oor een kam geskeer, baiekeer vanweë finansiële oorwegings.

Gryskrag voel dat meer inligting omtrent hierdie subgroepe se spesifieke verwagtinge en behoeftes nodig is sodat dit as rigsnoer vir beplanning met betrekking tot die aanspreek van hul behoeftes kan dien. Hierdie inligting, wat van die seniors self bekom moet word, kan op verskillende maniere verkry word. Enersyds kan met die hulp van die dekanes en dosente by universiteite nagraadse studente geïdentifiseer word wat mag belangstel om sulke navorsing op 'n persoon-tot-persoon-grondslag te onderneem. Andersyds (en Gryskrag is reeds daarmee besig) kan die inligting by wyse van vraelyste wat aan seniors versprei word, bekom word. Sulke vraelyste is reeds by 'n paar aftreeoorde in Pretoria versprei en is ook in die Desember/Januarie-uitgawe van die *Plus50*-tydskrif geplaas. Hopelik gaan seniors saamwerk en die lyste voltooi, want as die poging suksesvol verloop, kan dit uitgebrei word en met die samewerking van die beheerliggame en bestuurders van aftreeoorde, kerklike liggame se seniorgroepe en ander nasionale organisasies,

wyer versprei word om verteenwoordigende resultate te lewer.

Lidmaatskap van *Gryskrag* bied sekere voordele soos 'n spesiaal-ontwerpte groepsbegrafnispolis deur *AVBOB*, hoër-as-die-gemiddelde rentekoers op beleggings by *Finbond*, afslag op intekening op die *Plus 50*-tydskrif, goedkoper batterye vir gehoorapparate, spesiale dienste deur *Kind2Hearing*, spesiale tariewe vir korttermyn-versekering by *King Price*; gratis testamentêre advies en laer-as-normale boedelbelasting by *Capital Legacy*, ens. Lidmaatskap gaan egter nie soseer om individuele voordele nie, maar is eerder daarop gerig dat lede direk of indirek diensbaar moet wees aan die seniorgemeenskap as geheel. Die feit is dat seniors in 'n groot mate op hulself aangewese is om na hul eie belange om te sien en in elk geval die geskikste en mees ervare mense is om dit te doen. Dit behoort toereikende motivering te wees om lidmaatskap te oorweeg.

Vir verdere inligting kan *Gryskrag* se webblad geraadpleeg word by www.gryskrag.co.za en kan na die [Gryskrag / GreyPower Facebook-blad](#) gekyk word. As alternatief kan e-posse gestuur word aan info@gryskrag.co.za of gesprek gevoer word met Kollig se redakteur, Fanie Pretorius.

‘N TYD OM TOSIENS TE SÊ

In Prediker lees ons dat daar ‘n tyd vir alles is, o.a. ‘n tyd om te kom en ‘n tyd om te -gaan.

En so was dit ook in ons lewens. Ses jaar gelede was dit ‘n tyd vir ons om Kokanje toe te kom, maar nou het die tyd ook aangebreek vir ons om te gaan.

Ons het 6 gelukkige jare in Kokanje deurgebring waar ons soveel goeie, lewenslange vriende ontmoet het. Hierdie vriendskappe sal ons koester en behou.

Aan elke vriend/vriendin wat ons hier ontmoet het en Marie du Plessis as niggie, wil ons innig dankie sê vir die bydrae wat jy gelewer het om ons lewens te verryk op baie verskillende terreine en maniere. Hier dink ons aan al die aktiwiteite wat ons kon geniet, hetsy deur deelname of bywoning. Altyd ‘n besondere en genotvolle ervaring!

Dankie vir genotvolle kuiers met baie besondere vriende waar ons saam baie kon lag en ook somtyds saam kon huil. Julle het en sal altyd ‘n baie spesiale plek in ons lewens hê.

Ons dank ook aan die personeel vir julle bydrae om ons verblyf so aangenaam as moontlik te maak.

Ons groet Kokanje met mooi herinneringe. Die pragtige Bosveld sal altyd deel bly van ons herinneringe. Ons is hier verryk is deur die natuur en sy bewoners.

Ons gebed vir Kokanje en al sy inwoners en perso-



Jan en Marie Botha

neel is dat julle die genade van God ons Vader elke dag ryklik sal ontvang en ervaar.

TAFELTENNISKLUB

Aan die begin van 2022 wens ons almal 'n voorspoedige en sportiewe Nuwe Jaar toe.

Op 18 November 2021 het die Tafeltennisclub 'n baie gesellige rondomtalie gespeel. Dertien spelers het ingeskryf en daar is ernstig in 'n goeie gees meeding, asook heerlik gelag.

Na 'n lang dag het Karel Minnie as wenner uit die stryd getree (*sien bl 22 hier langsaan*).

Ons beplan om in hierdie nuwe jaar nog 'n paar sulke spesiale dae te reël.

Kom sluit gerus by Kokanje se Tafeltennisclub aan en kom deel in die pret want daar is geen ouderdomsbepkering nie en dit het die voordeel dat dit nie afhanklik is van die weer en beurtkrag nie. Vir meer besonderhede, kontak Susan Miller by 014 715 2127 of 082 477 7667.



Elsa Smith, Persbeampte

KOKANJE BRUGKLUB

'n Nuwe jaar met nuwe uitdagings! Alle nuwe intrekkeers en ou inwoners wat lus het om te kom brug speel - julle is baie welkom. As jy nie kan speel nie, dan leer ons jou.

Die Brugklub van Kokanje bestaan al baie jare. Ek kan nie met sekerheid sê nie, maar meer as 20 jaar.


Ons vergader elke Maandag en Vrydag om 13:30 vir 14:00 tot 16:30 in die eetsaal om lekker gesellig saam te speel. Dinsdae, Woensdae en Donderdae is daar ook lede wat 'n span bymekaar kry om 'n potjie brug te speel.

Ons het ook gedurende die grendeltyd begin om aanlyn brug te speel, wat ook baie lekker is. Indien

welkom om James Wallis te kontak by jameswallis@gmail.com.

Sou enigiemand belangstel om by die klub aan te sluit, die klub is oop. Kontak gerus vir Willem Kroeze by 082-672-4460 of Elsie Nel by 082-462-0830.

As u wil - kom loer in en sien wat daar aangaan.



Elsie Nel, 18E

enigiemand sou belangstel om aanlyn te speel, is u

LOF VIR DIE KERSLIGGIES BY KOKANJE SE INGANG

Wat 'n vreugde en skouspel was die liggies!

HAP en ek was gereeld daar met ons stoele en versnaperinge. Ons het ook vriende saamgenooi wie se kinders woonagtig is in onder andere Hongkong, Amerika, Duitsland en Australië. Daar was families wat piekniek gehou het en kinders wat vrolik tussen die liggies gespeel het. Geselsies is oral aangeknoop. Nooit is ons of enigiemand anders teleurgesteld daar weg nie!

Die liggies het 17:00 aangegaan en het al duideliker geskyn soos wat die son sak. Mense wat verbygery het, insluitend moeë versorgers in huur-

motors, het vrolik en opgewonde gewaai. Hulle vermoedere was opgevolg!

Baie dankie aan Marius en sy span wat gesorg het dat ons weer 'n liggie-Kersfees kon vier! Die liggies het vreugde verskaf en ons goed laat voel. Ons waardeur dit besonder baie!



Bets Potgieter

TAFELTENNISKLUB: 18 NOVEMBER 2021

Sien berig op bl 21



Michiel Human



Joey Agrella



Maureen Swanepoel



George Temple



Elsa Smith
behartig
organisasie
met Susan
Miller wat
toekyk



Sonja Delport



Cobus Potgieter



Bets Taylor



Susan Miller oorhandig die prys aan die winner, Karel Minnie

GESKIEDENIS?!

“Dit was die slegste van al my vakke! Ek kon nooit daardie baie datums onthou nie. En dan die klomp punte wat jy moes leer onder elke hofie. Oorsake, gevolge, voorwaardes. Soos die kinders deesdae sê: ‘Boring’”.

Ja, ons praat van *Geskiedenis*. As ons meestal eens is met die siening hierbo, moet ons begrip hê vir die kinders se houding. Daar is dikwels goeie redes daarvoor.

Kollig het hieroor met een van ons inwoners, Marieka Visage, gesels. Sy het soos volg lig op die onderwerp gewerp:



Marieka Visage

In die meeste laerskole word onderwysers nie net aangestel om ‘n spesifieke vak te onderrig nie, (met uitsondering van hoofvakke soos Wiskunde, Wetenskap en tale), maar ook oor hulle bruikbaarheid. (Miskien moet ‘n mens dan ook rugby by die hoofvakke sit!) Dit gebeur

dus dat ‘n onderwyser vir Wiskunde aangestel word, maar dan ook in ekstra administratiewe periodes ander byvakke, soos Geskiedenis, moet aanbied. Toe ek eenkeer met ‘n wiskunde-onderwyser oor haar aanbieding van Geskiedenis gepraat het, het sy reguit gesê: *“Ek haat Geskiedenis!”* Nou hoe kan ‘n leerling belangstelling in en liefde vir ‘n vak ontwikkel as die aanbieder nie positief opgewonde is daaroor nie? Die krag-gedeelte van *leerkrag* verdwyn.

‘n Ryke geleentheid om in die klas insig te verwerf en te redeneer oor optredes en moontlikhede, m.a.w. *om te dink*, gaan verlore. Vir iemand met so ‘n negatiewe ingesteldheid teenoor die vak is die maklikste manier om toetse op te stel dan hoofsaaklik om vrae te vra soos: *“Wat is die datum...”*, of *“Gee die vyf redes vir ...”*. Dit toets bloot of die kind geleer het – en met die leerling/leerder se negatiewe ingesteldheid gaan hy dit in elk geval vinnig vergeet.

In sulke klasse is die onderwyser handboek-gebonde. Die onderwyser lees die stuk geskiedenis uit die handboek voor en die kinders moet daarna

skriftelike vrae beantwoord. Nog erger, leerders moet dit sommer self lees. Hierdie kinders het nie die voorreg van ons geslag gehad nie. Hulle het nie geïnspireerde geskiedenis-onderrig soos ek gehad nie.

Ek onthou juffrou Botha in standerd 5 baie goed. Ons was skrikkerig vir dié adjunkhoof, maar sy was op alle gebiede ‘n uitstekende onderwyseres met voortreflike resultate. Ons het dié jaar die *Groot Trek* behandel. Die bestaande fietsstaanplek moes opgeknop word en die vorige een het langsaan op sy sy gelê. Juffrou Botha het ons ons skoene en kouse laat uittrek en “kaalvoet oor die Drakensberge” (die plat fietsstaanders) laat loop! Dis was om die erns en gebelgdheid van die Voortrekkervroue na die anneksasie van die Republiek van Natalia prakties in te prent. En wie kan ou Neethies van *Sentraal Hoër* se handgebare vergeet as hy verduidelik het hoe *Garibaldi* tydens die unifikasie van Italië te perd al langs die Skiereiland af “*geparka-parka*” het! En toe was daar prof. Bun Booyens op Stellenbosch. Studente wat nie eens Geskiedenis “geloop” het nie, het meermale sy klasse kom bywoon – net om na sy aanbiedings te luister!

Die bron van my belangstelling in volksgeskiedenis was my ouma. Sy het saans, wanneer die koue van Bethlehem ons kringetjie al nouer om die kaggel getrek het, stories uit haar kinderdae vertel. Dit het die Engelse-Boereoorlog ingesluit. Sy was ‘n tiener in die Middelburg-distrik van die Kolonie – een neef ‘n Kaapse rebel, die ander ‘n “*joiner*”. Alhoewel sy in die Kolonie in Engels moes skoolgaan, was sy ‘n vurige en trotse Afrikaner.

Vandag is baie van ons ontsteld oor die inhoud van Geskiedenis in ons openbare skole. Die geskiedenis van die Afrikanervolk word grotendeels negeer, of op so ‘n manier aangebied dat Afrikaanse kinders nie meer trots is op hulle herkoms nie, maar eerder skaam is daarvoor. Die CVO-skole (Christelike Volkseie Onderwys) bring egter hulle kant om Afrikanerkinders in te lig. Tog sit hulle ook




GESKIEDENIS?! (...vervolg)

met die probleem dat kinders nie opgewonde is oor Geskiedenis nie, hoewel *Belydende Christelike Volkseie Onderwys* (BCVO) 'n uitstekende kurrikulum voorgeskryf het. Hulle het my die eer aangedoen om die geskiedenisboekies vir gr. 4 tot 9 (standards 2-7) oor te skryf. Afgesien van die menslike faktor by die aanbieding van die vak, was my siening dat geskiedenis in plaas van Geskiedenis geskryf en waar moontlik geïllustreer moes word.

Geskiedenis is die verhaal van wat voorheen gebeur het. In my skrywe het ek die “*storie*” van die Afrikanervolk, uit 'n Afrikanerperspektief gesien, probeer *vertel*, feitlik, maar nie akademies nie. Die taalgebruik is dus gebruiksafrikaans in 'n verteltrant. Waar begrippe soos byvoorbeeld imperialis, kommunis, sosialis, dalk veral vir jonger lesers minder bekend sou wees, word dit in blokkies langs die teks verduidelik. 'n Volk bestaan uit mense en medemense. Ek het dus die siel van die mense in situasies probeer voorstel. Dit was moeilik in die vroeë geskiedenis. Die gebeure sedert die Engelse-Boereoorlog en daarna was makliker, omdat baie betrokkenes hulle persoonlike ervarings neergeskryf het en foto's beskikbaar is. Om verder die gees en siel van die betrokkenes in die spesifieke tydperk te probeer vasvang, het ek ook telkens van gedigte gebruikgemaak.

Die CVO was grootmoedig genoeg om my die reg te



gee om die boekies wat ek vir hulle geskryf het, aan te pas en self te laat druk. Ek het slegs 'n paar veranderings gemaak, soos die weglaat van toetse en take, en 'n paar byvoegings gedoen. Dit was vir my 'n groot voorreg om 'n geringe bydrae te probeer maak in ons kinders en mense se kennis van die hout

waaruit hulle gesny is; om weer die redes uit te lig waarom hulle trots kan wees op die volk waarin hulle gebore is.

Dagdrome, nagmerries, of toekomsmusiek?

Sê nou net dit was moontlik *én* *bekostigbaar* om, binne die afsienbare toekoms, sommige van die volgende fasiliteite in Kokanje te hê:

1. 'n Stelsel waarmee almal wat gehoortoestelle dra, direk in hulle ore kan hoor wat in 'n saal of eetsaal in die mikrofoon gesê word — op so 'n manier dat hulle die volume self kan verstel.
2. 'n Kamera wat permanent in die saal gereed is om 'n vergadering of konsert wat daar plaasvind op twee groot TV-skermes in die saal te vertoon; en dit ook per Internet te beeldsend, sodat elke inwoner wat oor die regte wagwoord beskik met sy TV, slimfoon, tablet of rekenaar kan inskakel om te sien en hoor wat gebeur.
3. 'n Stelsel waar inwoners met hulle slimfone of rekenaars kan stem oor spesifieke vrae, sodat die BK wanneer nodig 'n vinnige behoefte- of meningsopname kan maak.
4. 'n Volledige databasis van alle inwoners en personeel met hulle name, foto's en die *kontak-besonderhede wat hulle wil bekendstel*, sodat inwoners en personeel te eniger tyd opgedateerde inligting gratis kan opsoek.
5. Programme wat deur geduldige mense óf masjiene aangebied word vir inwoners wat hulle tegniese vaardighede vir spesifieke redes wil verbeter. (Miskien is dit veral kinders of klein-kinders wat ver woon, wat hierop aandring!)

Hoeveel dowes en immobiele sal hierby baat?

Die kennis en fasiliteite om bogenoemde te bereik, bestaan reeds. Vir verskeie goeie én swak redes (soos swak inligting) is ons meestal nie entoesias-ties hieroor nie - maar die hele wêreld beweeg in hierdie rigting.

Ons hoef dit nie te vrees nie.



matthysen
a u d i o l o g y

Modimolle - Bela-Bela - Mookgophong

GEHOORVERLIES
affekteer nie net ons
kommunikasie nie,
maar ook ons
lewenskwaliteit en
gesondheid.

Hou jou ore fiks. Kies 'n gelukkige, gesonde lewe!
Ons kan jou help... 014 717 1139

**Kom besoek ons gevestigde
praktyk in Kokanje by Dr. Breedts, vir
persoonlike en professionele diens.**

- ▶ **Herstel & Dienste**
- ▶ **Gehoorbekermers**
- ▶ **Wasverwydering**
- ▶ **Gehooraapparaatpassings**
- ▶ **Ondersteunende luistertoestelle**
- ▶ **Gehoortoetse**
- ▶ **Verstellings**
- ▶ **Batterye**

Skeduleer u afspraak by 014 717 1139

KERSETE: 25 DESEMBER 2021



Die span wat die Kersete gereël het, onder leiding van **Michiel en Susan Human** en **Jan en Marie Botha**



Michiel en Susan Human



Jan en Marie Botha



Robert and Cheryl Currie



Kalfie en Nan Bezuidenhout

KERSETE: 25 DESEMBER 2021



Ansie van Niekerk, Dorelle en Jan Klaasen,
Gert van Niekerk



Julia Nel en Marietjie Beylefeld



Benadie Kruger, Albert Venter,
Fanie en Ina Pretorius,
Elma Venter, Trudie Kruger



Jannie en Lena van Aarde, Marie en Hannes Viljoen



Do you or your loved one suffer from urine and/or bowel leakages?
Are you staying at home to avoid embarrassment?

Don't worry, our purposely made incontinence products will keep you dry so that you may enjoy your life again and do the things you love.

Depending on your needs, the full range of products consist of discreet pantyliners (for little leaks), various pads (for moderate leaks), pull-up underwear (also ideal for traveling) and adult diapers (for maximum absorbency).

What we offer:

- Conveniently right here in Kokanje
- Discreet and confidential advice
- Lowest prices - lower than most pharmacies and stores
- Products available at 22C Mispel Street, Kokanje - from Monday to Friday between 10am and 5pm. (After hours - please call in case of emergencies.)

For more information, call **Isabel on 014 715 2353 or 076 195 7363**
Supplier of **TENA**, the No. 1 World Leader in disposable incontinence products.

Besoek ons vandag
nog om meer uit te
vind oor ons **nuutste**
aanbiedinge.

Ons **vriendelike** en **professionele span**
is gereed om u by te staan.



VIR BEKOSTIGBARE OOGSORG

Bespreek u **omvattende**
oogtoets vandag.

MODIMOLLE 014 717 5448
Winkel 6, Modi Mall
modimolle@specstores.co.za

BELA BELA 014 736 6061
Winkel 1, Waterberg Boulevard Gebou,
Sparsentrum
belabela@specstores.co.za

PLUIMBALKLUB

Graag wens die Pluimbalklub elke Kokanje-inwoner 'n geseënde 2022 toe. Mag dit net beter gaan!

Die Pluimbalklublede is weer voluit besig om pluimbal te speel elke **Maandag-, Woensdag- en Vrydagmiddag, op twee goeie pluimbalbane in die Sportsaal**. Maandae en Woensdae begin ons om half vier en Vrydae om half drie, speel. Daar heers 'n gemoedelike gees onder die spelers – almal speel saam met almal en dit gaan nie oor wen of verloor nie. Die spelers het al goeie vriende geword en wil nie 'n dag se pluimbal misloop nie!

'n Splinternuwe pluimbalnet is by *Pluimbal Suid-Afrika* aangeskaf. Hulle versoek toe dat ons vir hulle 'n foto van Kokanje se Pluimbalkklub moet stuur (sien foto hier onder). Al die spelers was ongelukkig nie teenwoordig nie – ons het ongeveer 18 aktiewe lede. Vier lede is ouer as 80 jaar en hulle speel nog kookwaterpluimbal!



Annette van Dyk


Enigeen is hartlik welkom – kom kyk self!



Voor: Johan de Lange, Ria Naude, Soekie van Tonder, Daleen Coetzer en JP van der Merwe.

Agter: George Temple, Ella Sothmann, Annette van Dyk en Pierre Krügel. *Fotograaf: Nick Sothmann (Voorsitter).*

GEDIGTE DEUR DRIENIE SMIT VAN 47B



GENADE

Genade van gister, genade van nou
Alles is gegee, ons moet net vertrou
Trane kom van blydschap, trane kom ook van rou
Alles is aan ons geleen, voorspoed en teenspoed
Waaroor ons ween
Word stil, kyk op na die hemelruim
Sien die wolke dans en bewe
Dit is deur God aan ons gegee
Gawes is aan ons gegee, doen die beste daarmee

Trots is die mens en roem op eie naam
Voor wie staan ons telkemale geboë en beskaam?
Staan stil en luister, dit is die wind wat fluister
Ek is hier, kom speel saam
Ons gaan na die wolke daarbo, waar die sterre wink
Vir elke Godvresende kind.

'N MOOIE WANDELING

Skone more, jy is gegroet, die son se strale so rooi soos bloed
Ek sien die vlaktes uitgestrek, my oë is blink, my hart is sterk

Die veld is mooi, met blomme getooi
Wyd uitgestrek, God se wonderwerk

Ek hou van die wind, ek voel weer soos 'n kind
Met voete vry, wat oor die vlaktes gly

Daar is heimweë in my hart, met oë vol trane, so ver die pad.
Dit alles is geleen, die son en die reën
Waar kom ek vandaan, waar gaan ek heen?

Sing weer 'n nuwe lied, deur vreugde in my hart gebied
'n Kosbare wandeling deur God verleen
Alles so mooi, wat 'n grote seën

Ek sien die son, so rooi soos bloed, my hart weer vol nuwe
moed
'n Mooie wandeling so wondersoet, met God se seën in my
gemoed.



OORSIG OOR DIE KARNAVAL

Die jaarlikse Karnaval het 'n lang geskiedenis in Kokanje. Die verskillende klubs verkoop op daardie dag eetgoed of ander verversings en Klank en Beeld verskaf musiek. Dit is tradisioneel maar net 'n deeltjie van wat alles op Karnavaldag gebeur.


Toe die Karnaval 'n paar jaar gelede vanaf 'n veel warmer omgewing na die gebied in en rondom die lapa verskuif het, waar daar koeltebome is, is daar toenemend van spesiale aanbieders en 'n musiekverhoog gebruik gemaak. Die lapa-heining is van 'n skuifhek voorsien sodat die Karnaval ook deels onder die bome langs die Putt-Puttbaan kon plaasvind.

Mense van buite is ook in Kokanje toegelaat om na skouhuise te kom kyk wat reeds voltooi is en gereed was vir nuwe inwoners. So kon voornemende kopers wat nie in die week Kokanje toe kon kom nie, die kans kry om te sien hoe die huis sal lyk nadat dit volgens ons nuutste standarde opgegradeer is. Personeel en BK-lede het diens gedoen in die voltooide huise om as bemarkers op te tree en te vertel hoe lekker dit is om in Kokanje te bly.

Baie huidige nuwe inwoners het nog nooit 'n Karnaval beleef nie. Dit is, onder andere, 'n bekendstellings-geleentheid van klubs aan inwoners. Daar is in die verlede selfs veteraanmotors en nuwe motors uitgestal en inwoners wat ou Lister en ander waterpomp-enjins herstel het, het ook hulle spogstukke ten toon gestel. Inwoners wat stokperdjies bedryf het, het van hulle ware verkoop, soos byvoorbeeld, houtwerk, metaalwerk, ensvoorts, het ook stalletjies gehuur om 'n ietsie uit hul stokperdjies te verdien. Per geleentheid is ook "DJ"'s gebruik om Kokanje-tipe musiek oor die luidsprekers te speel om so die Karnavalgees op te kikker.

Omdat Kokanje-inwoners meestal bokant 60 en soms selfs bo 90 jaar oud is, het die Karnaval so half nege begin en teen twaalf uur was alles verby.

- Albert Venter



Verskeie verversings in die biertuin, koeldrank, koffie, tee, pannekoek, boepensbroodjies (jaffles), boereworsrolletjies (hotdogs), poeding, ensvoorts, is deur

die klubs ter stywing van hulle fondse verkoop. Die klubs het gewoonlik 'n week of wat voor die karnaval kaartjies verkoop vir die spesifieke verversings, want onthou, dis 'n eenmalige gebeurtenis. As jy te veel voorraad aanhou is daar nie weer 'n geleentheid om môre die kos te verkoop nie. Dus is verkope van duurder items wat vleis insluit soos kerrie en rys, boereworsbroodjies en boepensbroodjies vooraf gedoen sodat die klub nie met onverkoopte voorraad sit nie. Tee en koffie is makliker, maar selfs pannekoek is vooraf verkoop.

So, dis 'n feestelike ding, die Karnaval! Daar is selfs al modeparades gehou met Kokanje-modelle wat, veral damesklere wat "in" was, vir Kokanje inwoners geparadeer het. Terselfdertyd is veral huisvrouens wat meestal Saterdag kos moes maak, gehelp - ontbyt en/of middagete is somer gekoop. Middae was nie 'n gewilde Karnavaltyd nie, want dis ons rustyd, of tyd om rugby, krieket of tennis wat op TV te sien was, te kyk. Die inwoners kon lekker rus van die jollifikasie en hulle geliefkoosde sportprogramme op TV sien.

Die dag is dus vir ontspanning, kenmekaar, saamwerk, kook, eet en geniet en (ten minste tydelik) afskeid neem van die sorge wat die ouderdom saam met jou dra.

Kom ons hoop hierdie ou tradisie gaan met 'n "big bang" weer vanjaar gebeur!



oasis®

REFRESH, REVIVE, REFILL



MODIMOLLE



GE-OZONEERD EN
BAKTERIE VRY



PENSIONARISSE

SLEGS 90c PER LITER

HERVUL

Terms en Voorwaardes geld



079 743 5023

modimolle@oasiswater.co.za

52 A THABO MBEKI STREET

DAMESOGGEND SAAM MET DIE DAMESKLUB



"Nuwe" lede van die Damesklub

Voor:- Lynette McKendrick, Bettie Botha, Annetjie van Zyl, Elna Booysen en Lenie Schoeman
 Middel:- Freda Hayward, Bets Stander, Mali Lacock, Marie du Preez en Annelise Delport
 Agter:- Ellenora Salmon, Ansie de Bruin, Marieka Visag , Wilna Uys, Anna Kraay en Mimi de Villiers



Drienie Smit

Marie Vermaak

Martini
van Rooyen

Isabel van
Greunen

Stephanie
van den Berg

Alet Smit



OOGKUNDIGE

GEORGE VAN DER HOVEN



**Gratis voorskrif
sonbril**

Terme en voorwaardes geld

066 517 2571

Bela-Bela | Modimolle | Mookgophong

TEL: (014) 717 5175
FAKS: (014) 717 5176
SEL: 082 320 8289
E-POS: m-a-c@mweb.co.za

Modimolle-Auto-Clinic
Rupertstraat 4



Vir gehaltesdiens en die beste pryse, kom besoek ons gerus.
Ons diens enige tipe voertuig. Opknapping van ratkaste, ewenaars, sowel as elektriese
herstelwerk van aansittermotors, omsetter's, lugversorgers en bedrading, asook voorbereiding vir
padwaardigheidstoetse. Ons bied 10% afslag aan pensionarisse en sal u motor gaan
haal en aflewer teen geen ekstra kostes nie. Ons was en stofsuiig
ook u motor. Baie dankie vir u ondersteuning.



JOSEF BOTES
VERVOER

Sand, Klip, Stene, Vulsel

OKTAANSTRAAT, INDUSTRIËLE GEBIED
NYLSTROOM

TEL: (014) 717 3606 (Alle ure)
Ferdie : SEL. 082 889 6548



DAMESOGGEND SAAM MET DIE DAMESKLUB

Met 'n saal vol vrolike dames rondom versierde ronde tafels was dit 'n voorreg om ons "sake-kamer" en ons dames-intrekkers van 2021 bekend te stel. Ons is eerstens weer ingelig oor die wonderlike dienste wat Susan Weber via ons Poskantoor aan die inwoners bied bo en behalwe die normale posdienste: motor- en TV-lisensies betaal en afhaal, geregistreerde posstukke versorg en afdrucke maak. 'n Wonderlike diens veral in die lig van ons openbare Poskantoor se verval. Ou boeke en tydskrifte wat by haar afgelaai word, word weer versprei.

Dit was heerlik om volgende te luister na Claudette Colette met haar gevatte gesels-aanbieding oor die besondere diens wat deur ons *Hoekwinkel* aan ons inwoners gebied word. Pragtige beelde van die verskillende afdelings van die *Hoekwinkel* is deur Hetta Uys vir ons op die skerm geprojekteer. Dit is ongelooflik hoe een persoon se onbruikbare kledingstukke – wat te groot of te klein geword het – en al die "goeters" wat ons huise volstaan 'n nuwe dankbare eienaar kry. Besonder treffend was dit toe die rakke vol fotorame vertoon is en Claudette vertel hoe hartseer dit is om geliefdes se gesins- en familiefoto's uit te haal en vernietig omdat die eienaar of familieledede dit nie kan doen nie. Die hoop is darem daar dat die raam weer gevul sal word met foto's van iemand se geliefdes. Die hoofdoel van die *Hoekwinkel* is om 'n stewige fonds op te bou waarmee inwoners wat hul inkomste oorleef, finansiële bygestaan kan word.

Daarna het ons kennis gemaak met Eloisa Deetlefs van ons Haarsalon wat ons inwoners (mans en dames) se hare versorg – en dit selfs by jou huis sal kom doen. 'n Wonderlike diens veral vir inwoners wat ouer word en nie maklik by die dorp kan uitkom nie; en natuurlik aan die inwoners van ons Kokanje Eenheid vir Bejaarde Inwoners. Sy het 'n geskenkbewys vir 'n haarbehandeling geborg.

Toe het die twee pragtige dames van *Foot & Body Worx*, Mari en Bianca, kom vertel van hulle voet- en naelbehandelings, masserings en ander noodsaaklike bederfies. Dit wat mens altyd beter en versorg laat voel. Hulle het ook 'n bederf-geskenkbewys geborg. Toe was dit die beurt van PSG wat al jare lank 'n omvattende diens met korttermynversekering hier op ons drumpel aanbied.

Foto's op bl. 32

Yvonne Kotze
Voorsitter: Damesklub



Sanette Weideman, Elize Oosthuizen en Theresa

Strydom het die maatskappy verteenwoordig en vertel van hulle omvattende dienste. Ai, baie gerieflik hier waar "ongelukkies" so maklik gebeur! PSG het heerlike skons, gemaak deur Colleen Altern, geborg.

Vir die meeste van ons inwoners is "Liza Oosthuizen van die *Snoepie*" (ook bekend as die *Kiosk*) nie onbekend nie. Kan nie glo nie – sy is al 14 jaar hier betrokke. Ons kon weer kyk op die skerm na Liza se omvattende verskeidenheid, na die netjiese vars produkte wat sy bemark. Bo en behalwe die brood, melk en lekkernye, word vars vrugte en groente en gebak van plaaslike nywerhede bekom om hulle ook te ondersteun. Gesuiwerde water-hervullings is op ons drumpel – en dit lewer sy af as dit te swaar is! Liza doen ook besondere moeite om inwoners se inkopies op die dorp te doen en af te lewer en sy bied ook lugtyd en ander selfoondienste aan. Ai Liza – moet asseblief nie oud word nie!

Hierna is daar heerlike warm tee, koffie en smaaklike skons geniet – en gesels. Na 'n pragtige klavieruitvoering deur Mimi de Villiers, is sy as eerste nuwe intrekker van 2021 verwelkom. Daarna het 20 ander nuwe intrekkers elk die mikrofoon geneem en ons vertel waar hulle vandaan kom, wat hulle gedoen het, wat hul *nou* gaan doen en waaraan hulle reeds deelneem. Ek wens 'n mens kon elkeen se storie vertel. Wat my veral getref het, is dat hulle almal vertel het hoe gelukkig hulle hier in Kokanje is – en dan dink mens daaraan: hulle het Kokanje nie eens op sy *beste* leer ken nie (met al die beperkings en inperkings in hierdie tye)! Baie welkom aan ons nuwe intrekkers.

Baie dankie aan die bestuur van die Damesklub wat hierdie funksie moontlik gemaak het met hulle onbaatsugtige diens. Ons nooi Kokanje se dames om hand te kom bysit. Hulp met ses byeenkomste in 'n jaar – dis al wat ons vra.

MIKSTERTBYVANGER


Dié voël het 'n houding – dis wat ek telkens dink wanneer ek 'n *Mikstert* in Kokanje teëkom. Selfversekerd met 'n glim van intelligensie in die donkerrooi oog, sit hy met 'n stywe rug kiertsregop, reg vir aksie. Hy is een van net 'n handjievol Suid-Afrikaanse voëls wat heeltemal pikswart is vanaf die kop tot die opvallende mikstert. Dié word gebruik as 'n roer wanneer hy jagmaak op vlieënde insekte. Voorwaar enig in sy soort. *Miksterte* kom in pare voor wat dwarsdeur die jaar hul gebied verdedig. In Kokanje is daar sewe of agt sulke pare en die *Mikstert* wat jy dalk gedurende hierdie jaar naby *Rus-'n-Bietjiedam* of in die gebied bokant die Lapa sien, is heel waarskynlik dieselfde een wat jy volgende jaar en die jaar daarna sal sien.

Dit is belangrik om te verstaan dat *Miksterte* insek-vreters is en dat hulle die meeste van hulle prooi in vlug vang, soos die sprinkaan wat deur iets opgejaag word, die kewer wat verbyvlieg of die fladderende skoenlapper. Hulle vertoef dikwels saam met ander voëls of diere wat wei. Hulle sit gewoonlik geduldig eenkant op 'n tak en wag vir insekte wat opgejaag word. Maar hulle het ook 'n gemene streep in hulle om ander voëls van hulle prooi te beroof. Hulle gee 'n skril alarmroep wat dan die ander voël laat skrik wat pas 'n insek gevang het. Dié vlieg dan weg op soek na

skuiling en laat val in die proses sy kos en dan kom die *Mikstert* ingeswiep en steel 'n lekker happie. 'n Uitvoerige studie oor hierdie gedrag is enkele jare gelede in die Kalahari gedoen en daar is gevind dat hierdie tegniek die *Miksterte* van nagenoeg 'n kwart van hulle daaglikse kos voorsien. Die alarmroepe wat hulle gebruik om hulle slagoffers mee af te skrik, wissel: soms is dit hulle eie alarmroep maar heel dikwels maak hulle die alarmroepe van ander spesies na sodat die

slagoffers nooit seker is of dit 'n vals alarm is of die ware Jakob is nie en dit kan rampspoedig wees.

Miksterte het ook hierdie nuk in hulle om roofvoëls te terroriseer. As 'n arend heel onskuldig verbyvlieg sal 'n *Mikstert* niks daarvan dink om nader te vlieg en hom te treiter nie deur op sy kop of sy rug te gaan land. Hulle gawe van nabootsing is meer as net die na-aap van alarmroepe en sang van ander voëls soos die *Wielewale* en *Spreeus* en veral die roepe van 'n verskeidenheid roofvoëls. Die *Miksterte* van



Warwick Tarboton

Kokanje het almal geleer om die “tu-tu-tu-tu ...” roep van die *Kleinsperwer* na te aap. Die *Kleinsperwer* teer op die *Frette* en *Sysies* wat by ons voerders kom eet. Sommige van ons *Miksterte* maak ook die kenmerkende roep na van die *Afrikaanse Sperwer* en die “kiee-jip” van die *Swartsperwer*.

Laasgenoemde twee is ook roofvoëls wat gereeld voëls jag in Kokanje. Die *Miksterte* wat in die omgewing van die *Witkoluile* bly, leer baie vinnig om hulle deurdringende fluitnote na te maak.

Dit is nie duidelik wat die voordeel daarin is om dit te doen nie, maar telkens wan-


neer 'n *Mikstert* een van die *Sperwers* of die klein *Uiltjie* teëkom, begin hulle daardie een se roep na-aap. Dis nogal iets wat *Miksterte* perfek kan regkry. Jong *Miksterte* leer hierdie gedrag by hulle ouers en oefen dan deur hierdie geluide van die *Sperwers* en die *Uiltjie* een na die ander na te boots, amper soos die opwarmingsoefening van 'n orkes.

Dit beteken dus nie dat daar 'n *Sperwer* in die omgewing is elke keer wat jy 'n *Mikstert* een van hulle hoor naboots nie. Dis straks net 'n jongetjie wat oefen!



Kranskop Volkspoelelaer
NGKerk Waterbergsaal
Saterdag

21 Mei 2022
om 6 uur



Alle spelers moet
in "Drag" wees

R50 Ingesluit:-

Toegang
Ete
Nagereg
Koeldrank

Net Toegang - R10-00

Ons speel Maandagaande
by die CVO skool om 6uur nm

Navrae:- Kobus le Roux
083 678 1925



Foot & Body
Worx

PENNIE 082 879 4413

Bianca & Mari



Bedank almal vir hulle ondersteuning.

**Kyk uit vir toekomstige
spesiale aanbiedings.**

**PROFESSIONELE WAARDASIES
DU PREEZ NEL**

**WAARDEERDERS • TAKSATEURS
VALUERS • APPRAISERS**

POSBUS 1182, KOKANJE, 0515

TEL: (014) 715 2338 FAKS: (014) 715 2338 SEL: 083 268 3711

STAATSDIENSPENSIOENARISSE

...word herinner aan die verkiesing van die GEFP se Raad van Trustees wat nou ophande is.



GEFP™
your investment, your future

Association for Monitoring and
Advocacy of Government Pensions

(AMAGP)

NPO Registration No: 198-822



www.amagp.co.za

PRAISE THE LORD

- Rev Theo Schmidt

I'm blessed with a wonderful family: my wife Val, three children and four grandchildren. I followed a banking career until 1965 when Our Lord called me into His service.

This call was dramatic. I was reading a book on the life of St Francis when out of the blue I became aware of Our Lord's presence. I did not see Our Lord or hear him, but was simply aware of His presence in the beauty of His Holiness. With this beautiful experience, Jesus gave me the conviction of becoming an Anglican Priest. When I told our Bishop that I was called into the Priesthood, his reply was: "The Lord has not told me that". This delayed the Priesthood for 3 years but for a very good reason. Before ordination, I spent 3 years at an Anglican Mission Hospital in the Transkei. Holy Cross Hospital was staffed by mainly Expats from England. The hospital was severely handicapped by finances. Our patient-day rate was R1,75. As Administrator, I visited The Department of Bantu Affairs requesting help. The Department was gracious and generous in response. The result of my visit:

- Two brand new high powered generators.
- A huge dam for the hospital.
- A new water reticulation system.
- New laundry and kitchen equipment.
- An instruction by Bantu Affairs to plan a new hospital.

My ordination took place in 1970 and my first parish was at [St Dunstan's in Benoni](#). This was after 3

years study in Grahamstown. Parishes I have worked in, are Evander with Standerton, Nylstroom and the Waterberg (14 separate communities), Tzaneen and Phalaborwa. I also served as an Army Chaplain.

During my time in Benoni, I encountered the Healing Ministry. I was asked to visit a lady in the local Maternity Hospital. Her baby was having serious feeding problems. I had no idea about a Healing Ministry, and I just said over the baby: *"Lord Jesus, I don't know what to do or say but please heal this baby"*. The next morning there was a knock on my door. There before me were the parents with the baby. The baby was healed and fed perfectly. From then on the Ministry took on a two-fold direction, i.e. preach the Gospel and heal the sick.

Ten years before retirement, the Anglican Church set me free to be involved in a full-time Healing Ministry. I was appointed as the Spiritual Director of the Christ Healing Fellowship. Val and I lived in Linga Longa Christian Guest Farm near Warmbaths.

During a 10-year stay at Linga Longa our Ministry was focused on –

- Counselling;
- Ministering wholeness and holiness;
- Teaching;
- Equipping churches, of all dominations in a Healing Ministry;
- Seminars;
- Missions.



Continued on p. 38 ➡



From p. 37

Out of all this involvement I produced a book entitled *“Yes, you are healed – a journey”*.

After leaving Linga Longa, Val and I stayed at the Rectory of St Michaels in Nylstroom. I was the priest there for 3 years. During this time I came to know Kokanje through pastoral care. By this time I was nearing 70 and my son strongly recommended I retire. We visited Kokanje and put our names down for a home. Three years later, and at the exact time a new Priest arrived at St Michaels, a home became available. This was a pure miracle as many, many people had turned down the available home. My son immediately bought the house for us.

Val and I have been in Kokanje for 17 blessed years. This is first prize from our Heavenly Father, especially for all the wonderful facilities available.

I’m pleased to say that retiring at a predominantly Afrikaans-speaking Retirement Centre brought absolutely no conflict in our different cultures. I say this because as a South African our school curriculum included English and Afrikaans languages. Val’s mom was a Van der Merwe and so we have Afrikaans in our genes. I myself have been grateful to improve my Afrikaans since my arrival.

During our years here, efforts were made to integrate English people into Kokanje. I mention this because only after a very short time, I was nominated for the Raad and was asked to be a member of the Communications Committee to encourage English participation. In addition, Val served on the Catering Committee. I was regularly invited to open meetings, to talk on various issues and to lead Christian activities.

Thank you all at Kokanje for blessing my family and myself for all these years.

ALIEN INVADERS: THE POMPOM WEED

In this article on foreign invader plants we discuss the Pompom weed with the botanical name *Campuloclinium macrocephalum*. Pompom weed is a declared weed (category 1b plant) according to the *Conservation of Agricultural Resources Act (CARA), Act 43 of 1983*.

The weeds were imported from their natural habitat in South America in the 1960s. At first, they were confined to people’s gardens, but a research paper on the weeds in the 1990s said there was *“a dramatic and exponential phase with vast tracts of land invaded”*.

Since then, the weed has *“outpaced attempts to control it”* and is now *“rapidly becoming the most serious threat to the conservation of the grasslands of South Africa”*, according to the *Agricultural Research Council*.

The pretty pink and purple flowers look good in a vase. But pompom weeds *Campuloclinium macrocephalum*) are choking off South Africa’s natural flora and

Marinda van der Westhuizen

fauna.

First found in Gauteng, pompoms have spread to all the Northern provinces. *You will also find the*



Warwick Tarboton

*pompom weed in the South West Block in **Kokanje** and also growing across the fence in Koro Creek.*

The Pompom weed flowers in late summer during December to March.

The *Conservation of Agricultural Resources Act* makes it *“illegal to harbour, plant, propagate or sell”* pompoms. The onus is also on landowners to control them if they grow on their property.

Source: Sipho Kings, Mail & Guardian, 28 June 2013.

DIE GESKIEDENIS VAN KOKANJE KARNAVAL

Sedert die ontwikkeling van Kokanje deur die *Vereniging van Staatsamptenare* het Kokanje, die “luilekkerland”, sy luilekkerte georganiseer en het komitees, klubs en organisasies soos stokperdjiegroepe - asook verskeie tradisies - gevorm.

Op 'n stadium is die gedagte van 'n jaarlikse *karnaval* geopper en dit was gou so 'n groot sukses dat dit 'n jaarlikse gebeurtenis geword het. Aanvanklik is dit telkens op 24 September (Erfenisdag) gehou. Alhoewel dit nie die vorm van 'n tipiese karnavaloptog aangeneem het nie, was dit 'n belangrike gebeurtenis en is die naam sedertdien só gevestig in Kokanje, dat dit moeilik verander sal word.

Die karnaval-area was aanvanklik die Oostelike parkeer-area met die personeel se parkeerafdakke as deel daarvan. Dit is egter baie warm in September en die plaveisel was kokend. Dit het grotendeels daartoe bygedra dat die fees teen tienuur die oggend begin uitrafel het. Die opruiming en oppakery moes daarna in die snikhete son gerdoen word.

Ek het in 2017, as ondervoorsitter van die Sport- en ontspanningskomitee, die Karnaval as uitdaging ontvang. Om die Karnaval na 'n meer gepaste plek te skuif was my eerste prioriteit. Ek is egter gewaarsku dat ek met tradisie peuter en dat geen sulke pogings suksesvol sou wees nie. Dit het die uitdaging soveel groter gemaak. Ek het die vergadering wat die besluit moes neem oortuig van die verbetering en die moontlikhede wat so 'n aanpassing sou bied, en is toe gevra om 'n span saam te stel. Elma Venter en Joan Schoeman het entoesiasies ingestem om die taak aan te pak.

Met die ondersteuning van klubs en die Bestuurskomitee (BK) het die eerste karnaval op sy nuwe terrein suksesvol op 24 September 2018 plaasgevind. Die volgende Karnaval sou 'n verdere verbetering wees omdat die datum omgeruil is met die Jukskeiklub se Prettag. (Kosvoorsiening op

vakansiedae is 'n gesogte fondsinsamelingsgeleentheid.) Die finale datum vir 2019 is vasgestel as Saterdag 13 April.

Enige projek moet groei en verbeter om suksesvol te bly. Op 'n Saterdagmiddag het Marie Meyer en oorlede Amanda Olivier van RSG-faam, saam met ons 'n braai gehou. In gesprek oor die Karnaval, het Amanda die voorstel gemaak dat ons RSG nader om die program *'Brekfis met Derrick'* lewendig op terrein aan te bied. Ek het haar na die voorsitter van die BK verwys en ook met die Uitvoerende Bestuurder onderhandel dat 'n RSG-uitsending tydens en op die Karnaval plaasvind, wat dan ook so gebeur het. Die 2019-Karnaval was onder andere 'n reuse hupstoot vir die bemaking van lewensverblyfreg op Kokanje. Anina Pretorius het al die krane oopgedraai en 'n rekordgetal wooneenhede in dié jaar verkoop.

Toe gebeur COVID-bepenkings op 19 Maart 2020 en daar sink ons drome vir 'n goed beplande Karnaval in April 2020 met borge, *Radio Waterberg 94FM*-lewendige uitsaai, kunstenaarsbesprekings en dies meer. Ons moes inspring en alles ongedaan maak wat bespreek of gereël was.

Eers in November 2021 kon die BK weer die groenlig gee: **ONS KAN WEER OP 23 APRIL 2022 KARNAVAL HOU!**

Die span is saamgestel en ek is vol vertroue dat ons die stukkies gaan optel en 'n baie lekker Karnaval gaan aanbied. Die span is reeds besig met beplanning en besprekings en is ek baie beïndruk met die ondersteuning en toewyding waarmee almal skouer aan die wiel sit om dit weer die aangename atmosfeer en grootskaalse inwonerdeelname te laat wees wat dit kan wees.

Vir my gaan dit 'n baie spesiale vierde Karnaval wees aangesien ek die leisels aan iemand anders gaan oorhandig. Ek handig ook die Klank en Beeldspan, wat ek in 2014 gestig het oor aan Johan van der Hoven. Die nuutgestigte Dienstebestuur van die —






Saterdag 23 APRIL 2022

07:00 - 13:00 of later: LAPA-omgewing

← (...van vorige bladsy) - Sport-en-ontspanningskomitee wat ek tans koördineer sal ook deur iemand oorgeneem word. Baie dankie dus aan almal vir 8 jaar se ondersteuning in alles waarby ek betrokke was. Dit was 'n ryk en vervullende voorreg. Persoonlike omstandighede maak dit vir my moeilik om my verantwoordelikhede verder na te kom.



Chris Shepherd



klein namakwa
kwekery



*** Plante**

*** Potte**

*** Plaveiselblokke @
GROOTHANDELPRYS**

Amanda
083 470 0766

078 873 4914
bosveldglas9@gmail.com

**BOSVELD
GLASS**

105B Thabo Mbeki Str. Modimolle, 0510 014 717 2693

082 821 9619



Doves Begrafnisdienste is 'n gevestigde ondernemer en bestaan reeds meer as 100 jaar. Daarom kan ons met vrymoedigheid sê: "Ons ken die bedryf"

Doves bied 'n verskeidenheid van dienste:

- * Volledige Begrafnis
- * Volledige Verassing
- * Grafstene
- * Polisse

Begrafnisse of verassings sluit in:

- * Kis
- * Uitvoer van diens by kerk en graf
- * Reël van doodsertifikaat en registrasie by binnelandse sake
- * Reël van Begrafnisbriewe
- * Reël van Blomme
- * Skakel met Predikant of Pastoor

Eksel, Christo Stander is reeds 26 jaar in die bedryf en kan u behulpzaam wees met enige navrae. Vra gerus die vrae wat u al lankal kwel.

Seën vir u en u familie
Christo Stander
Bestuurder
Doves Modimolle en Bela Bela
072 280 4564



Hannelie de Beer Fisioterapie

(Praktyk nommer: 961906)

Nuwe Fisio in Nylstroom en Warmbad
Bekwame terapeut met oor 15 jaar werksondervinding
in Suid Afrika and Australië

In Nylstroom reg oorkant rolbalbane
en in
Warmbad langs Natspat Swem
akademie!

Kontak gerus **078 426 9685** vir enige
navrae.
hdebeerphysio@gmail.com


RED WAT VERLORE GAAN

Gielie Combrinck noem tereg in die Kollig van Desember 2021 dat namate ons ouer word, ons meer bewus word van die dood as 'n lewenswerklikheid. Dit beteken derhalwe seker ook dat kinders tydens hul sorgvrye bestaan 'n eie betekenis en gevoel aan die dood kan heg. Dit was dan ook wat my ervaring was toe ek so 9, 10 jaar oud was.

Die buurman, oom Red van der Merwe, het voortdurend en besonder diep in die bottel gekyk. My moeder het dikwels gesê: *"Red gaan hom nog dooddrink"*. Hierdie uitspraak het my nie veel gepla nie behalwe dat ek by Woensdae se *Kinderkrans* dikwels daaraan gedagte moes gee. Want sien, die lekkerste by hierdie weeklikse byeenkomste by die kerk was die sing van 'n aantal uitgesoekte Halleluja-liedere. Dit was onder andere *"As Hy weer kom"*, *"Liewe Jesus ek is klein"*, *"Kyk hoe swaar die landman swoeg"*, *"Jesus min my salig lot"*, *"Wat 'n vriend het ons in Jesus"*, *"Saggies en teer"* en dan, o wee, *"Red wat verlore gaan"*. Telkens dan het my

jammerhart vir oom Red met sy drinkprobleem ingeskop. Na 'n jaar of wat het ons verhuis en nooit weer iets van hom gehoor nie.

Vandag, na 65 jaar, moes oom Red reeds lankal die tydelike met die ewige verwissel het. Of hy hom toe



Tiaan Crafford 110D

"doodgedrink" het al dan nie, is nie meer vir my 'n kwessie nie, want ek het nou, vandat ek ouer geword het, 'n heerlike toekomsverwagting in Hom dat Hy ons *"so lief gehad het"* en *"nie verlore sal laat gaan nie"* (Joh 3:16). Hierdie wonderlike werklikheid bly nie net vir my nie, maar ook vir oom Red beskore.

VREUGDE WAT SKULPE BRING

- Tiaan Crafford

Reeds in my laerskooldae het ek daarmee begin – somer die heeldag kon ek so op my eie wegraak en my verdiep met die wonder van skulpe wat die oseaan op die seesand blootlê. Nodeloos om te sê dat daar altyd na 'n vakansie 'n sak of twee skulpe hul weg terug huiستoe gevind het. Hierdie gier, passie of selfs terapeutiese ontvlugting (van die soms te besige lewe en roesemoes van die stad), het later ook deel geword van my wederhelf tydens ons seevakansies. Appelkiste vol vreugde in ons motorhuis was later die stille getuie van ons spanwerk. Nooit is 'n studie van die magdom soorte, kleure en vorme gemaak nie – dit was bloot 'n pure lekkerte om dit te versamel. By die vissermanne te Jeffreysbaai kon ons egter leer dat bykans elke soort 'n naam het. Dit was Henne, Hane, Tossels, Uiloë, Uie, Tieties, Siffies, Baba-toontjies, ensovoorts.

In 1995 is ons, na baie jare in daardie koers, weer terug na Port Edward. Wat was ons verbasing

groot dat die strand daar nie 'n enkele skulp oplewer nie. Iets moes gedoen word om weer lewe in die strand te blaas. Die volgende keer soontoe



Liz Fourie

neem ons 'n boksvol skulpe saam. Vir vyf oggende, net voor sonsopkoms, gaan strooi ons 'n sak skulpe op die strand, gaan sit dan ongemerk bo in die duin

Bl. 45 ➡



Ons koop
bakkies, karre
karavane, waentjies

Derrick 0836580986

doen alle papierwerk namens verkoper

SKOONMAAK VAN:
MATTE
SITKAMERSTELLE
EETKAMERSTELLE
VOERTUIG SITPLEKKE
ENIGE STOFFERING

GOU DROOG, EIENAAR TOESIG.
14 J DIENS
DERRICK 0825397168



Waterberg Quickdry



PRETORIA OOGINSTITUUT
PRETORIA EYE INSTITUTE

Dr Johann Grobbelaar

Oogchirurg / Eyespecialist

Pretoria Eye Institute, Suite 219, Schoemanst 630

Nylstroom—Elke 2de Vrydag by Dr Veldman se kamers

Tel: 012 343 8333/ 5
docgrob@mweb.co.za

Nylstroom 012 343 8333

AUTO SERVICE & REPAIRS

*Petrol & Diesel Vehicles and Trucks

*Engine Installations | Petrol & Diesel

*Vehicle Diagnostics

Fault Finding & Repair

Tel: 014 718 4004/3

Cell: 082 928 1088

Cell 2: 074 248 3601

Email: info@pjmotors.co.za

P.O Box 3525 | Lilian Ngoyi Str

Modimolle 0510

VREUGDE WAT SKULPE BRING

(...vervolg van bl. 42)

en verkneukel ons dan aan die opgewondenheid, vreugde en komiese optrede van die vindere daar-van met onder andere: “*Ek het hom eerste gesien – dit is myne*”, “*Kyk net hierdie mooietjie*”, “*Kan jy glo die skulpe loop weer na jare*”, ens. Kort voor my vrou my ontval het, is ’n boks skulpe na Lydenburg waar my kleinkinders dit op hul kerkbasaar van hande laat verwissel het. Om alles te kroon, is ek meer as twee jaar gelede getroud met Babsie wat toe ook deur dieselfde gogga gebyt is en het ons reeds baie aangename ure op die strande naby Ex-mouth, Australië, met skulpe verwyl.

Met my verhuising na Kokanje maak ek toe my grootste vonds. In ons midde woon skulp-entoesiaste, Joe en Liz Fourie. Liz het aan huis ’n kosbare skulptuurstalling – netjies geklassifiseer. Haar versameling verdien egter ’n afsonderlike artikel in ons *Kollig*.

ENERGIEBESPARING IN KOKANJE

- Jean du Plessis

Die Tegniese Advieskomitee het onlangs ’n verslag ontvang wat die volgende identifiseer as plekke waar energie in Kokanje bespaar kan word:

Lugversorging: Lugversorgingseenhede moet jaarliks gediens word, anders lei dit daartoe dat energieverbruik al hoër word.

Deure en vensters moet toegehou word.

Beligting: Alle ligte/lampe moet vervang word met LED.

Gebruik natuurlike lig optimaal, waar moontlik.

Elektrisiteitsverbruik:

Maak gebruik van sonenergie-geysers.

Isoleer geysers met geyserkomberse, waar moontlik.

KOKANJE BUSDIENS

Kokanje Aftreeoord bied op **Donderdag** ’n weeklikse busdiens aan na *Modi Mall* en/of die *Pick & Pay*-sentrum. Passasiers word met die Oord se *Toyota Avanza* bussie vervoer en vertrek om 9 uur vanaf die voorportaal. Inwoners word weer om 11 uur opgelaa en by hulle huise afgelaai.

Daar word ook maandeliks op die **derde Woensdag** ’n busdiens aangebied na die *Kolonnadesentrum* in Pretoria. Die *Mercedes-bus* kan 17 passasiers vervoer en vertrek om 7 uur die oggend van die parkeerterrein voor die Administratiewe kantore. Die bus vertrek weer om drie uur terug en arriveer teen ongeveer half ses by Kokanje.

Daar is ’n klein bedraggie verbonde aan die diens. Indien daar minder as 10 persone vir die diens bespreek, is dit nie ekonomies haalbaar om die bus te gebruik nie en sal die betrokke rit gekanselleer word.

Bespreking vir die rit moet by die kassier/debiteureklerk, Dineo Nooe (accounts@kokanjeaftreeoord.co.za), gedoen word om ’n finale passasierslys te kan opstel teen die Maandag voor die rit.



Jean du Plessis

Daar is ’n groot behoefte om addisionele bestuurders te werf om te help met bogenoemde dienste.

Die beskikbare bestuurders het oor die afgelope jaar of twee verminder.

’n Openbare bestuurspermit (PDP: *Public Drivers Permit*) word nie benodig om die

bussie na Nylstroom te bestuur nie, maar vir die bus na Pretoria word ’n bestuurslisensie vir ’n 10 ton-voertuig én ’n PDP benodig. Kokanje is bereid om vir die verkryging van ’n bestuurslisensie en vir die sertifisering van die PDP te betaal.

Indien u belangstel om te help met die dienste, kontak asseblief vir Jean du Plessis by 076 533 3728.



MEELEWING



Dirk Potgieter
9 Jan '43 tot 19 Des '21



Adriaan de Jager
30 Aug '49 tot 28 Des '21



Naas van Rooyen
11 Feb '28 tot 20 Jan '22



Ellie Theunissen
30 Jun '28 tot 24 Jan '22



Brand van Deventer
15 Jun '46 tot 8 Feb 2022

OORWEEG DIT...

...om betrokke te raak by die saamstel en uitgee van Kollig en Kollig Light

Lees hier om 'n ingeligte besluit te neem

Normaalweg is daar **nie vergaderings om by te woon nie**: Die redaksie raadpleeg mekaar en neem besluite via WhatsApp (WA). Selfs die deelneem aan WA-gesprekke is vrywillig.

Geen vaste verpligtinge nie: Besluit waarvoor jy lus is en kans sien (asook hoe dikwels of hoe selde) en kom van tyd tot tyd só ooreen met die redakteur. Jy sal, byvoorbeeld, vir enige tydperk vir jou kinders in die Kaap of Italië kan gaan kuier en selfs enige tyd uit die redaksie kan onttrek, sonder om skuldig te voel of om enigiets aan enigiemand te verduidelik.

Die enigste **tegniese kennis** wat redaksielede van die begin af nodig het, is hoe om WA-boodskappe oop te maak, te lees en te beantwoord asook hoe om WA soos 'n (amper gratis) telefoon te gebruik.

Ons vermoë om mense touwys te maak met skryf-, taalsorg-, proeflees-, fotografie- en bladuitlegvaardighede is tans nog skrap, maar dié kundighede bestaan wel in Kokanje en **gewilliges wat belangstel kán gehelp word om vaardighede aan te leer** op een of meer van die genoemde terreine; of om bestaande vaardighede te verbeter. Weer eens hóéf ons nie noodwendig altyd fisies bymekaar te kom vir opleiding nie - kanale soos WA en Zoom is dikwels voldoende. *Dit is regtig waar* dat 'n mens nooit te oud is om te leer nie - en dit kan besonder bevredigend wees (*en goed vir die brein!*)

WATTER "ROLLE" IS BESKIKBAAR?

SKRYF van berigte/artikels vir publisering in Kollig, oor temas wat binne die *Doel van Kollig* val soos:

- ♦ die mense van en gebeure in Kokanje;
- ♦ dinge waarby inwoners baat kan vind **soos** –
 - * hoe om met groter gemak en meer vrede oud te word;
 - * die groot aantal dinge wat ons hande en gedagtes konstruktief besig kan hou – van fassinerende stokperdjies tot onbekende maar uitstekende TV-programme;
 - * hoe om maklik en uiters goedkoop met enigiemand in die wêreld te kommunikeer.

Bogenoemde is net enkele voorbeelde - die moontlikhede vir skryf is *letterlik* legio.

Ons skuld dit aan mekaar om mekaar bewus te maak (ook via Kollig) van dinge wat verveling en eensaamheid kan verdryf – beide by Kokanje se klubs én in die alleenheid van ons eie huise.

DIE NEEM VAN FOTO'S of teken van prente wat in Kollig gepubliseer kan word, veral om artikels/berigte te illustreer, maar *soms* ook net ter wille van die mooiheid of interessantheid daarvan (kyk bl. 49).

Help met die TIK van handgeskrewe artikels vir plasing in Kollig, en die stuur van getikte materiaal aan die redakteur of taalversorgers (via e-pos of 'n geheuestokkie).

TAALVERSORGING van Kollig-bydraes, beide in Afrikaans en Engels.

PROEFLEES van materiaal wat gereed is om gedruk te word, om foute wat tipies op hierdie laat stadium van die proses voorkom, reg te stel.

BLADUITLEG: Fassinerende tegnieke *wat 'n mens kan aanleer* oor hoe om teks, illustrasies en advertensies met behulp van 'n rekenaarprogram vir Kollig uit te lê sodat die deurblaai en lees daarvan vir lesers sinvol en aantreklik is. Die ideaal is dat Kollig-uitgawes om die beurt volledig deur verskillende redaksielede "uitgelê" word – en telkens met behoorlike erkenning aan so 'n bladuitlegkunstenaar gepubliseer word. Sekere standaarde of style van uitleg moet dieselfde wees in alle uitgawes van Kollig – maar elke uitlegkunstenaar moet ook die vryheid hê om sy/haar eie stempel af te druk.

ORGANISASIE/ADMINISTRASIE: Iemand moet elke bydrae wat van inwoners ontvang word, aanteken en rekening hou daarvan of die bydrae volledig of gedeeltelik goedgekeur is vir publikasie; of dit getik is en terugontvang is van die tiksters; of taalversorging geskied het tot op die vlak van die hooftaalversorger; of dit aan die bladuitlegkunstenaar oorhandig is vir plasing en of die bydrae, vir een of ander rede, oorstaan vir gebruik in 'n volgende Kollig.

Vir meer inligting: Fanie Pretorius,
sel en WA 0825515615,
e-pos kolligredaksie@gmail.com.

FOTOBELEID EN -WENKE

Kollig plaas graag foto's – veral oor Kokanje se mense; oor dit wat vir ons mense belangrik is, asook van ons aftreeoord en omgewing se fauna, flora en strukture.

Met vandag se kameras en selfone is dit baie makliker om goeie foto's te neem as toe ons kinders was. Maar selfs vandag is sommige foto's goed en sommiges minder goed.

As die selfoon of kamera beweeg terwyl 'n foto geneem word, sal die foto se definisie swak wees, m.a.w. dit sal dof en soms selfs onbruikbaar “geblur” lyk. *Voorkom dit* deur die selfoon of kamera doodstil te hou of van 'n driepoot, tafel of muur gebruik te maak om dit te stabiliseer.

In Kollig wil die lesers die mense van Kokanje op 'n foto kan herken - of hulle leer ken. Daarom moet ten minste sommige van die mense op 'n foto se gesigte van naby genoeg afgeneem wees om herkenbaar te wees en voldoende lig moet op die gesig(te) val. Tweedens moet die herkenbare mense op die foto se korrekte name en vanne aan die redaksie verskaf word, met die oog op 'n byskrif.

Foto's van 'n groep mense waar nie eens een

uitgeken kan word nie (bv. almal van agter of van skuins agter af geneem) sal nie geplaas word nie - tensy die foto op 'n ander manier iets besonder mooi of interessant uitbeeld.

Alle foto's moet sover moontlik in **kleur** aan die redaksie verskaf word – alhoewel foto's in die gedrukte (papier-) Kollig vir finansiële redes dikwels net in swart en wit verskyn.

Let op die agtergrond en die komposisie voordat die knoppie van die kamera gedruk word. Die agtergrond kan steurend wees en steurende agtergronde kan selde effektief verwyder word.

Die redaksie behou egter wel die reg voor om foto's te “crop” – dit wil sê om dele van 'n foto se vier kante “af te sny” sodat hoofsaaklik die fokuspunt(e) van die foto oorbly. Dit is ook standaardpraktyk dat die redaksie sal poog om die kleur, kontras en algemene duidelikheid van foto's met 'n rekenaarprogram verbeter.

Ons dring **nie** aan op volmaakte, professionele foto's nie! Met 'n bietjie inligting en oefening kan ons almal egter beter foto's neem - tot almal se voordeel. **Sluit gerus aan by die Fotografeklub.**



Muizenberg, Februarie 1968

SATELLITE CONNECTION

Supply - Repair - Installation
All Audio | Video & DSTV Systems

www.satelliteconnection.co.za 014 717 1551 / 082 494 3132

Pikkie Meubelvervoer

Sedert 1975. LANDSWYD



Bestuur self en toesig vir u gemoedsrus
Geregistreerde vervoer
met TOE meubelwa

Opberging en versekering
Tel: 014 717 3101 of 082 557 0511
Strydomstr. 4, Modimolle (Nylstroom)

Solitaire Hair
by Mariana

Sel: 072 823 2806
1A Eland Street, Nylstroom

Solitaire: Gemstone | Jewel | Sparkler | Diamond | Single Stone | Precious Stone

KOM BESOEK ONS GERUS
VIR 'N PRAGTIGE NUWE
SOMERVOORKOMS!

ARLEX PARFUUM BESKIKBAAR
R 220.00 MANS & VROUE PARFUUM



Plaas Naels

Gel overlay, Gel Tone, Pedikuur
Eland str 1A, Modimolle
Corinne 082 46 83 803

DIE VERSTERS VAN KRINKHOUT 63D

Johannes Wilhelm (Jantie) Verster is op 1 Januarie 1937 gebore te Windhoek: 85 jaar oud. Aletta Wilhelmina (Wilma) Solomon (nou Verster) is op 28 Januarie 1937 gebore te Pretoria: 85 jaar oud. Hulle is op 7 Januarie 1961 getroud: nou 61 jaar gelede.

Jantie het grootgeword op Okahandja, het tot st. 6 daar skoolgegaan en was daarna in *Paarl Boys High* tot matriek. Na matriek is hy in die bankwese in en het daarna by Sanlam gewerk waar hy, weens gesondheidsredes, vroeg afgetree het.



Wilma het in Pretoria grootgeword: *Pretoria-Oos Laerskool* en *Afrikaanse Hoër Meisieskool*. Na haar studies aan die Universiteit van Pretoria het sy onderwys gegee en was vir baie jare hoof van 'n pre-primêre skool in Pinetown (Natal).

Hulle het mekaar by 'n dansskool ontmoet, en het later baie rond-getrek. Hulle is geseënd met drie kinders op wie hulle baie trots is: Jeanne van Zyl wat in Nelspruit woon, Reno Verster wat in Pretoria woon en Sharne Hawkins wat in Engeland woon.

Kolligredaksie, Medewerkers, Kontakbesonderhede en Sluitingsdatums

Redakteur en bladuitleg: Fanie Pretorius

Logistiek en advertensies:

Marinda en Venter van der Westhuizen, Pieter Knoetze

Fotografie: Wilna Brits, Lourens Durand, Elise Giezing, Rita Noeth, Hetta Uys, Elma Venter

Taalversorging en proeflees: Fritz Wolff (hoof), Annette van Dyk, Louise van Zyl, Bessie Linde-Van Heerden

Finansies: Marion Moir, Jan Delport

Tikwerk: Tina Brits, Anneke du Plessis, Paula Nienaber

JOERNALISTIEK:

Medies: Johann Coetzee

Nuwe intrekke: Edelweiss Brits

Oordbeleid: Albert Venter

Sport en Ontspanning: Annette van Dyk

Versorgingsake: Alta van Dyk

BEDRYFSADVISEUR: Leon de Jager

VOORBLAD VAN HIERDIE UITGAWE:

Kunstenaar: Marina du Plessis

Inwoner van Kokanje sedert 2019. Sy werk in 'n verskeidenheid media maar haar gunsteling is tans waterverf-potlode, waarmee hierdie skildery dan ook gemaak is.

Drukkers: Postnet Modimolle

Digitale Kollig op die Internet en via MILK:

Blue Sphynx webdienste

WEBADRES: DIGITALE KOLLIG OP DIE NET:

<http://kokanjeaftreeoord.co.za/kollig/>

KONTAK KOLLIG:

E-pos: Kolligredaksie@gmail.com

Per hand: Die Kollig-posvakkie in die "posvakkiekamer"

Redakteur se selnommer: vir bel, SMS, iMessage; asook *WhatsApp* se "gratis" teks-, stemboodskap- en foondiens:

082-551-5615

KOLLIG SE TEIKENDATUMS VIR VERSKYNING is die eerste dag van Maart, September en Desember:

Die *laaste* dag vir die indiening van bydraes is 15 dae voor die verskyningsdatums, met ander woorde 14 Februarie, 17 Augustus en 16 November.

Persklaar advertensies moet voor of op dieselfde datums ontvang word.

VRYWARING

Menings is rubrieksrywers en adverteerders se eie en weerspieël nie noodwendig dié van Kollig of Kokanje nie. Kopiereg van artikels en rubrieke berus by die skrywer. Kollig redaksie behou die reg om artikels en rubrieke te verkort, taal te versorg en vir plasing te keur, sonder om die strekking van die inhoud te verander.

DISCLAIMER

Opinions are columnists and advertisers' own and do not necessarily reflect those of Kollig or Kokanje. Copyright of articles and columns rests with the author. Kollig editorial team retains the right to shorten articles and columns, take care of language and approve for placement, without changing content creation.

IN TYD VAN SMART

kan u op ons staat maak
vir 'n hoë vlak van
integriteit en respek
terwyl ons vir u en
u geliefde sorg

STATUS

FUNERAL HOME, CREMATIONS & CHAPEL



*Wishing you
a Blessed Christmas and
a happy New Year*

INTEGRITEIT, WAARDIGHEID, DIENS



DIENTE



BEGRAFNISSE



VERASSINGS



VERVOERDIENSTE

H/V Chrome & Allooï Straat - Modimolle Industriële Gebied

Tel: 014 717 1808 • 24-uur Bystand: 081 853 2665

info@statuscrematorium.com • www.statusfunerals.com • @StatusFuneralHome



"HAAKIN" om saam te kuier
 Vrydag 11 Maart 2022
 om 16:30 vir 17:00
 (halfvyf vir vyfuur)
 in Kokanjesaal

R20-00 Per persoon
 1 glasie wyn Gratis

Vertoning deur Peter Hine

TAPHUIS

Uitloot van 'n
 baie spesiale wyn

R30-00 per loting



met 1ste, 2de, en 3de pryse

Vraag:- Wie het die kosbare wyn geskenk?

CareBox



*Sometimes all we want to do is send someone a hug
 and let them know we're thinking about them...*

CareBox is a small heartfelt gifting business with a
 personal touch.

Please visit our website: <https://carebox.co.za/> or send
 an email to hello@carebox.co.za.



POSTNET MODIMOLLE

R99

0-5kg Countrywide

Delivery within 2 - 3 working days*
 Over 340 locations

- ✓ Affordable
- ✓ Track your parcel
- ✓ Reliable
- ✓ SMS notification
- ✓ Secure
- ✓ Peace of mind



Domestic Courier:

- PostNet 2 PostNet
- PostNet 2 Door
- Road & Air Freight
- Domestic Overnight
- Insurance

International Courier:
 International Air Freight:

- Global Mail
- Excess Baggage
- Authorised DHL Outlet
- Parcel Tracking via Web

*Please allow 1 extra delivery day for outlying areas.
 Maximum Actual Weight 15kg. Maximum Volumetric Weight 15kg. Terms and Conditions Apply.

101 Nelson Mandela Street, Modimolle, 0510
 Tel: 014 717 3440 • F2E: 086 206 4161 • Fax: 014 717 3400
 Email: modimolle@postnet.co.za
 Website: <http://modimolle.postnet.co.za>

**POSTNET
 Courier**